

# **Die uitreik van aandele ten einde verpligtinge na te kom – onkoste werklik aangeaan vir inkomstebelastingdoeleindes of nie**

deur  
Arno de Kock

*Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes  
vir die graad Magister in Rekeningkunde (Belasting) aan die  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit  
van Stellenbosch*



Studieleier: Me Ellane van Wyk  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Maart 2012

## **VERKLARING**

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2012

## Opsomming

Die studie is 'n ondersoek na die vraag of die uitreik van aandele deur 'n maatskappy, ten einde bates of dienste te bekom, sou beteken dat die maatskappy onkoste werklik aangegaan het vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962.

Daar word bevind dat 'n maatskappy ingevolge die Maatskappywet No. 61 van 1973 en die Maatskappywet No. 71 van 2008 slegs aandele mag uitreik sodra die teenprestasie ontvang is en dat onuitgereikte aandele geen waarde het nie en ook nie bates is van die maatskappy nie.

Die gewone betekenis van die woord *onkoste* vereis 'n aksie of handeling van betaling of uitgee van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne. In die lig hiervan word daar bevind dat die uitreik van aandele nie onkoste is wat werklik aangegaan word deur 'n maatskappy nie. Daar word verder bevind dat die beginsel van wat onkoste behels vir inkomstebelastingdoeleindes, soos neergelê in *CSARS v Labat Africa Limited*, korrek is en die basis vorm wanneer daar oorweeg word of onkoste werklik aangegaan word.

---000---

## Summary

This study explores the question whether a company that issues shares in exchange for assets or services incurs expenditure for purposes of the Income Tax Act No 58 of 1962.

It is concluded that a company may, in terms of the Companies Act No 61 of 1973 and the Companies Act No 71 of 2008, only issue shares once it has received consideration for those shares. Unissued shares have no value and are not considered to be assets of the company.

Die ordinary meaning of the word *expenditure* requires the action of spending an amount of money, funds or other resources. In light of this meaning it is further concluded that the issue of shares does not qualify as expenditure actually incurred by the company. It is further concluded that the principles of what expenditure entails for income tax purposes, laid down in *CSARS v Labat Africa Limited*, are accurate and should form the basis whenever it is necessary to consider whether expenditure was actually incurred.

---000---

## INHOUDSOPGAWE

### 1 HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	Agtergrond	1
1.2	Doelstelling	3
1.3	Verbandhoudende literatuur	3
1.4	Belangrikheid van navorsing	5
1.5	Navorsingsmetodiek	6
1.6	Voorgestelde raamwerk	6
1.6.1	Hoofstuk 2: Die Maatskappywet vereistes en gevolge wanneer 'n maatskappy aandele uitreik ten einde sy verpligtinge na te kom	6
1.6.2	Hoofstuk 3: 'n Kritiese ondersoek na die werking en beperkte toepassing van artikel 24B	7
1.6.3	Hoofstuk 4: Die betekenis van die begrip <i>onkoste werklik aangegaan</i> en die gebruik daarvan in die Inkomstebelastingwet	7
1.6.4	Hoofstuk 5: Vergelyking tussen <i>onkoste werklik aangegaan</i> en die effek van latere betaling deur die uitreik van aandele	7
1.6.5	Hoofstuk 6: Gevolgtrekking	8
1.6.6	Hoofstuk 7: Bibliografie	8

### 2 HOOFSTUK 2: DIE MAATSKAPPYWETVEREISTES EN GEVOLGE WANNEER 'N MAATSKAPPY AANDELE UITREIK TEN EINDE SY VERPLIGTINGE NA TE KOM

2.1	Inleiding	9
2.2	Ou Maatskappywet – die uitreik van aandele	9

2.2.1	Toewysing en uitreik van aandele	11
2.2.2	Aansoek, toewysing en betaling	12
2.3	Nuwe Maatskappywet	13
2.3.1	Magtiging vir aandele	13
2.3.2	Toewysing en uitreik van aandele	14
2.3.3	Omskepping van aandele met pariwaarde	14
2.4	Gevolgtrekking	15
2.4.1	Ooreenkoms tussen die ou en die nuwe Maatskappywet	15
2.4.2	Toewysing en uitreik van aandele	15
<b>3</b>	<b>HOOFSTUK 3: 'N KRITIESE ONDERSOEK NA DIE WERKING EN BEPERKTE TOEPASSING VAN ARTIKEL 24B</b>	
3.1	Inleiding	17
3.2	Algemene werking van artikel 24B	18
3.2.1	Basiese reël – Artikel 24B(1)	18
3.2.2	Aandeel-vir-aandeelreël – Artikel 24B(2)	19
3.2.3	Voorkeuraandele in ruil vir gewone aandele of omskepbare voorkeuraandele – Artikel 24B(2A)	22
3.2.4	Bate wat afbeweeg in 'n reeks van beheerde groepsmaatskappye – Artikel 24B(2C)	24
3.3	Die wisselwerking tussen artikel 24B en artikel 42	26
3.3.1	Definisie van 'n <i>bate-vir-aandeeltransaksie</i> – Artikel 42(1)	26
3.3.2	Toepassingsveld en wisselwerking van artikel 42 en artikel 24B	28
3.4	Gevolgtrekking	30

#### **4 HOOFSTUK 4: DIE BETEKENIS VAN DIE BEGRIP *ONKOSTE WERKLIK AANGEGAAN* EN DIE GEBRUIK DAARVAN IN DIE INKOMSTEBELASTINGWET**

4.1	Inleiding	32
4.2	Gewone betekenis van <i>onkoste</i>	33
4.3	Internasionale regspraak	34
4.3.1	<i>Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd</i>	35
4.3.2	<i>Craddock v Zevo Finance Co Ltd</i>	35
4.3.3	<i>Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd</i>	36
4.3.4	Onderskeid tussen die bewoording van die wetgewing in Engeland en Suid-Afrika	39
4.4	Suid-Afrikaanse regspraak	40
4.4.1	<i>ITC 1801</i>	40
4.4.2	<i>Caltex Oil (SA) Ltd v SIR</i>	42
4.4.3	<i>CIR v Edgars Stores Ltd</i>	42
4.4.4	<i>CSARS v Labat Africa Limited</i>	43
4.5	Toepassing van die gewone betekenis van <i>onkoste</i>	45
4.6	Gevolgtrekking	47

#### **5 HOOFSTUK 5: VERGELYKING TUSSEN *ONKOSTE WERKLIK AANGEGAAN* EN DIE EFFEK VAN LATERE BETALING DEUR DIE UITREIK VAN AANDELE**

5.1	Inleiding	49
5.2	Skikking, afstanddoening of kwytskelding van handelskuld – Artikel 8(4)(m)	51

5.3	Betekenis van onthef van betaling	52
5.4	Toepassing van artikel 8(4)(m) op die oorspronklike ooreenkoms	54
5.5	Skuldvergelyking	54
5.6	Gevolgtrekking	57
<b>6</b>	<b>HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING</b>	
6.1	Probleemstelling	58
6.2	Gevolgtrekking	58
<b>7</b>	<b>HOOFSTUK 7: BIBLIOGRAFIE</b>	
7.1	Lys van artikels	61
7.2	Lys van boeke	61
7.3	Lys van elektroniese publikasies	62
7.4	Lys van hofsake	62
7.5	Lys van publikasies van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens	63
<b>8</b>	<b>AANHANGSEL A: UITTREKSELS UIT DIE INKOMSTEBELASTING – WET NO. 58 VAN 1962</b>	<b>65</b>

---000---



## AFKORTINGS EN TERMINOLOGIE

‘Inkomstebelastingwet’ –	die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 (soos gewysig);
‘nuwe Maatskappywet’ –	die Maatskappywet No. 71 van 2008 (soos gewysig);
‘nuwe Maatskappywet Regulasies’ –	Regulasies uitgereik ingevolge artikel 223 van die Maatskappywet No. 71 van 2008 (soos gewysig);
‘ou Maatskappywet’ –	die Maatskappywet No. 61 van 1973 (soos gewysig);
‘SAID’ –	die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, soos gedefinieer in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet;
‘SATC’ –	die ‘South African Tax Cases Reports’, soos uitgegee deur LexisNexis;

Alle verwysings na die relevante bladsye in ’n hofsaak is die betrokke bladsye in die SATC, tensy anders vermeld.

Alle verwysings na ‘artikel’ is na die artikels van die Inkomstebelastingwet, tensy anders vermeld.

---000---

## 1 HOOFSTUK 1: INLEIDING

### 1.1 Agtergrond

Die uitreik van aandele deur genoteerde maatskappye ten einde hulle verpligtinge na te kom is 'n alledaagse kommersiële verskynsel in Suid-Afrika en regoor die wêreld. Dit is bloot een van die meganismes wat maatskappye kan gebruik om finansiering te bekom, in teenstelling met die aangaan van 'n lening. Die uitreik van aandele ten einde 'n verpligting na te kom stel geen kontantuitvloeivereistes aan 'n maatskappy nie. Dit is waarskynlik die hoofrede waarom maatskappye van die meganisme gebruik maak. Dit het egter wel tot gevolg dat bestaande aandeelhouders se belange in die maatskappy verwater.<sup>1</sup>

Maatskappye kan in verskeie omstandighede besluit om aandele uit te reik eerder as om uitgawes op krediet aan te gaan of in kontant daarvoor te betaal.<sup>2</sup>

Die volgende is voorbeelde van sodanige omstandighede:

- Die betaling van 'n verpligting teenoor 'n verskaffer van goedere of dienste aan die maatskappy.<sup>3</sup>
- Die betaling van 'n koopsom vir aandele verkry tydens 'n oornamescenario of die verkryging van 'n lopende saak vanaf 'n derde party.<sup>4</sup>
- Die delging van 'n lening toegestaan deur 'n derde party of houermaatskappy.<sup>5</sup>
- Die skrywer is van mening dat swart ekonomiese bemagtiging ('SEB') inisiatiewe in die meeste gevalle veroorsaak dat 'n maatskappy eerder finansiering sal bekom deur middel van die uitreik van aandele as om bloot 'n lening aan te gaan. Op hierdie manier kan die maatskappy verseker dat daar aan spesifieke SEB-handvesvereistes voldoen word wat betref eienaarskap.

---

<sup>1</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-1

<sup>2</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-2

<sup>3</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-1

<sup>4</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-2

<sup>5</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-2

- Dit gebeur ook dikwels dat daar oor 'n verloop van tyd aan die personeel van 'n maatskappy of besigheid aandele toegeken word in die maatskappy indien voorafbepaalde winsteikens bereik word.<sup>6</sup>
- As deel van 'n aandeelaansporingskema waar topbestuur aandele in die maatskappy ontvang.<sup>7</sup>

Daar heers reeds vir 'n geruime tyd onsekerheid oor die belastinggevolge van sodanige transaksies vir maatskappye.<sup>8</sup>

Hoewel maatskappye reeds vir dekades bates en dienste bekom in ruil vir die uitreik van aandele het die wetgewer eers in 2004 wysigings aan die Inkomstebelastingwet aangebring om spesifiek voorsiening te maak vir hierdie kommersiële werklikheid. Die wysiging was in die vorm van artikel 24B.

Artikel 24B bepaal dat as 'n maatskappy 'n bate van 'n ander persoon verkry, as vergoeding vir aandele wat deur die maatskappy uitgereik word:

- word die maatskappy geag om die bate te verkry het vir 'n bedrag van onkoste gelyk aan die minste van die markwaarde van die:
  - bate onmiddellik na die verkryging; of
  - aandele onmiddellik na die verkryging;<sup>9</sup> en
- word die ander persoon geag om oor die bate te beskik het aan die maatskappy vir 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde van die aandele onmiddellik na die verkryging.<sup>10</sup>

Hoewel artikel 24B aanvanklik baie beperkend was en die wetgewer sedertdien die vereistes daarvan verslap het, is die artikel steeds beperk tot gevalle waar maatskappye bates verkry as vergoeding vir aandele. Die Inkomstebelastingwet maak dus geen voorsiening vir gevalle waar 'n maatskappy aandele uitreik in ruil vir dienste gelewer nie. Uit 'n onlangse hofsaak is dit duidelik dat die SAID van mening is dat 'n maatskappy geen onkoste werklik

---

<sup>6</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-2

<sup>7</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis, op bladsy 363

<sup>8</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-1 tot bladsy P-12

<sup>9</sup> Artikel 24B(1)(a)

<sup>10</sup> Artikel 24B(1)(b)

aangaan wanneer hy aandele uitreik ten einde 'n verpligting na te kom nie, tensy artikel 24B van toepassing is.<sup>11</sup>

Die studie fokus op die inkomstebelastinggevolge vir 'n maatskappy wat aandele uitreik ingevolge aandeelgebaseerde transaksies ten einde bates of dienste te bekom in gevalle waar artikel 24B of artikel 42 nie van toepassing is nie.<sup>12</sup> Hoewel die werking en beperkte toepassingsveld van artikel 24B en artikel 42 oorweeg word, fokus die studie daarop of 'n maatskappy wat aandele uitreik ten einde bates of dienste te bekom, onkoste werklik aangaan vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet. As deel van die studie word ook oorweeg of 'n maatskappy se inkomstebelastinggevolge verskillend sou wees indien die maatskappy op 'n latere stadium ooreenkom om 'n bestaande verpligting te vereffen deur die uitreik van aandele.

## 1.2 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om vas te stel of 'n maatskappy wat aandele uitreik ten einde bates of dienste te bekom, onkoste werklik aangaan vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet.

## 1.3 Verbandhoudende literatuur

Daar word aan die hand gedoen dat nóg in die regspraak nóg onder erkende literatuur enige absolute sekerheid en eenstemmigheid heers oor of 'n maatskappy onkoste werklik aangegaan het wanneer hy aandele uitreik ten einde bates of dienste te bekom asook oor wat sodanige onkoste behels.

Die Gautengse Belastinghof het in 2004 in *ITC 1783*<sup>13</sup> bevind dat 'n maatskappy wat 'n besigheid gekoop het en die verkoopprijs vereffen het deur die uitreik van nuwe aandele aan die verkoper nie enige onkoste aangegaan het vir doeleindes van artikel 11(a), of artikel 11(gA), nie. Die hof het egter by die maak van hierdie bevinding hoofsaaklik gesteun op 'n standpunt van De Koker<sup>14</sup> dat dit 'n wesenlike eienskap van die woorde 'onkoste werklik aangegaan' in die konteks van artikel 11(a) is dat daar noodwendig 'n vermindering van die persoon wat

---

<sup>11</sup> *CSARS v Labat Africa Limited 2010*, 72 SATC 75

<sup>12</sup> 'n Tipiese voorbeeld hiervan is 'n transaksies waar 'n maatskappy aandele uitreik in ruil vir dienste gelewer of waar 'n maatskappy aandele uitreik aan sy werknemers as deel van 'n aandeelaansporingskema.

<sup>13</sup> 2004 66 SATC 373

<sup>14</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax (11th Memorial Edition)*. Elektroniese Weergawe. 2004. LexisNexis, paragraaf 7.4

die uitgawe of onkoste aangegaan het se bates moet wees. Aangesien die uitreik van aandele nie 'n vermindering van die bates van die betrokke maatskappy tot gevolg gehad het nie, het die hof tot die slotsom gekom dat die maatskappy nie enige onkoste aangegaan het vir doeleindes van artikel 11(a), of 11(gA), nie.<sup>15</sup>

Die uitspraak in *ITC 1783*<sup>16</sup> is deur verskeie skrywers gekritiseer. In 'n *De Rebus* artikel, beweer Ger<sup>17</sup> dat 'n maatskappy wel onkoste werklik aangaan wanneer hy aandele uitreik in ruil vir dienste wat die maatskappy ontvang. Die blote feit dat die belastingpligtige verkies om die verpligting te vereffen deur aandele uit te reik, moet volgens hom nie die werklikheid beïnvloed nie.

Na afloop van die beslissing in *ITC 1783*<sup>18</sup> het die SAID 'n konsep Interpretasienota vrygestel.<sup>19</sup> Ingevolge die konsep Interpretasienota is dit die SAID se siening dat die uitreik van aandele deur 'n maatskappy ter vereffening van 'n koopprys, of as betaling vir dienste gelewer, nie sal kwalifiseer as 'n uitgawe wat werklik aangegaan word vir inkomstebelastingdoeleindes nie, tensy die Inkomstebelastingwet spesifiek daarvoor voorsiening maak. Die SAID het hierdie siening verder bevestig in die Verklarende Memorandum by die Wetsontwerp op Inkomstewette, 2004.<sup>20</sup>

Die Gautengse Belastinghof kom egter in 2005 in *ITC1801*<sup>21</sup> tot die gevolgtrekking dat *onkoste werklik aangegaan* word sodra die belastingpligtige 'n onvoorwaardelike verpligting opdoen ten opsigte van die relevante bedrag, ongeag of daar reeds aan die verpligting voldoen is al dan nie.<sup>22</sup> Die SAID het teen hierdie uitspraak geappelleer en geargumenteer dat die belastingpligtige geen onkoste werklik aangegaan het deur aandele uit te reik ten einde 'n handelsmerk te bekom nie. Die hoë hof kom egter op 11 Desember 2009 in *C:SARS v Labat Africa Limited*<sup>23</sup> tot die gevolgtrekking dat die uitreik van aandele deur 'n maatskappy ten einde 'n bate te verkry wel onkoste uitmaak vir doeleindes van artikel 11(gA). Die SAID het weereens teen die uitspraak geappelleer en op 28 September 2011 bevind die waarnemende regterpresident

<sup>15</sup> *ITC 1783*, 2004 66 SATC 373 op bladsy 376 en bladsy 377

<sup>16</sup> 2004 66 SATC 373

<sup>17</sup> Ger, B. 2004. The problem of paying with shares. *De Rebus*. September 2004, op bladsy 61 tot bladsy 62

<sup>18</sup> 2004 66 SATC 373

<sup>19</sup> SARS: Draft Interpretation Note, vrygestel op 16 Maart 2004, nooit finaal uitgereik.

<sup>20</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004, op bladsy 56

<sup>21</sup> 2005 68 SATC 57

<sup>22</sup> *ITC 1801*, 2005 68 SATC 57 op bladsy 61

<sup>23</sup> 2010 72 SATC 75

van die appèlhof, LTC Harms, in *C:SARS v Labat Africa Limited*<sup>24</sup> dat die uitreik van aandele as vergoeding nie 'onkoste' daarstel nie.

Die oorwegende gevoel onder erkende skrywers tot voor laasgenoemde appèlhofuitspraak was dat 'n maatskappy wel onkoste werklik aangegaan het wanneer hy aandele uitgereik het ten einde dienste te bekom en verder dat die onkoste werklik aangegaan is sodra die maatskappy 'n onvoorwaardelike verpligting opdoen ten opsigte van die relevante bedrag. Meyerowitz<sup>25</sup> toon aan dat die ou Maatskappywet vereis dat 'n maatskappy 'n *quid pro quo* moet verkry in kontant of andersins wat nie minder is as die nominale waarde van aandele wat uitgereik word nie. Volgens hom is dit dus argumenteerbaar dat waar 'n maatskappy bates of dienste ontvang anders as kontant, die maatskappy deur skuldvergelyking ('set-off') onkoste aangegaan het wat ten minste gelyk is aan die nominale waarde van die aandele. Burt<sup>26</sup> doen aan die hand dat regter Goldblatt se uitleg van die begrip 'onkoste werklik aangegaan' in *ITC 1783*<sup>27</sup> te beperkend is. Volgens hom is daar, in die afwesigheid van ander gesag, niks wat aantoon dat die uitdrukking enige iets anders beteken as die aangaan van 'n onvoorwaardelike verpligting in terme waarvan vereffening vereis word nie, solank die vereffening 'n monetêre waarde het.

Na die skrywer se mening is hierdie vraagstuk nog nooit pertinent deur die Suid-Afrikaanse howe oorweeg nie. Vervolgens word die belangrikheid van die navorsing, veral met betrekking tot die toepassing van artikel 24B, bespreek.

#### **1.4 Belangrikheid van die navorsing**

Artikel 24B reël slegs gevalle waar 'n maatskappy aandele uitreik ten einde 'n *bate* te bekom.<sup>28</sup> Dit is na die skrywer se mening daarom noodsaaklik om sekerheid te verkry oor die belastinggevolge waar artikel 24B nie van toepassing is nie. Hoewel erkende skrywers tot onlangs toe saamgestem het dat 'n maatskappy onkoste werklik aangaan wanneer hy aandele uitreik ten einde bates of dienste te bekom, wil dit voorkom asof die SAID nie hierdie

---

<sup>24</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>25</sup> Meyerowitz, D. 2004. Paying for goods en services by issuing shares. *The Taxpayer*, op bladsy 87

<sup>26</sup> Burt, K. 2004. Issuing shares as consideration. *Tax Planning*, op bladsy 136

<sup>27</sup> 2004 66 SATC 373

<sup>28</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis, op bladsy 503

siening aanvaar nie.<sup>29</sup> Die onlangse appèlhofuitspraak ten gunste van die SAID het dan ook die SAID se siening bevestig.<sup>30</sup> Gegewe die groot hoeveelheid kommersiële transaksies wat steeds op hierdie basis plaasvind en die onsekerheid wat tans heers is dit na die skrywer se mening van kardinale belang dat die onsekerhede rondom die belastinggevolge van hierdie tipe transaksies aangespreek word.

## **1.5 Navorsingsmetodiek**

Die navorsingsmetode wat gevolg word, is die historiese metode. Die volgende historiese bronne sal ondersoek word ten einde die doelstelling soos hierbo uiteengesit te bereik:

- Die relevante Suid-Afrikaanse wetgewing.
- Die relevante internasionale regspraak.
- Die relevante Suid-Afrikaanse regspraak.
- Die menings van erkende belastingdeskundiges, soos vervat in handboeke en tegniese tydskrifte.

## **1.6 Voorgestelde raamwerk**

### **1.6.1 Hoofstuk 2: Die Maatskappywetvereistes en gevolge wanneer 'n maatskappy aandele uitreik ten einde sy verpligtinge na te kom**

As vertrekpunt word die uitreik van aandele deur 'n maatskappy ten einde verpligtinge na te kom in die konteks van beide die ou en nuwe Maatskappywet oorweeg. Daarna word gefokus op die spesifieke verskille tussen die vereistes van die ou en nuwe Maatskappywet en die gevolge van die oorskakeling na die nuwe Maatskappywet.

---

<sup>29</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis, op bladsy P-2 tot bladsy P-5

<sup>30</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157

### **1.6.2 Hoofstuk 3: 'n Kritiese ondersoek na die werking en beperkte toepassing van artikel 24B**

In hierdie hoofstuk word die agtergrond en die ontwikkeling van artikel 24B oorsigtelik oorweeg waarna daar 'n kritiese ontleding plaasvind van die werking van die artikel en die beperkte toepassingveld daarvan. Die wisselwerking tussen artikel 24B en 'n bate-vir-aandeeltransaksie ingevolge artikel 42 word ook onder die loep geneem. Daar sal aan die hand gedoen word dat die artikels slegs spesifieke transaksies dek en dat dit daarom noodsaaklik is om die toepassing van algemene beginsels te oorweeg waar maatskappye aandele uitreik as deel van kommersiële transaksies waar artikel 24B en artikel 42 nie van toepassing is nie.

### **1.6.3 Hoofstuk 4: Die betekenis van die begrip *onkoste werklik aangegaan* en die gebruik daarvan in die Inkomstebelastingwet**

Die gebruik van dié begrip in die Inkomstebelastingwet word in die hoofstuk oorsigtelik oorweeg waarna daar ondersoek gedoen word na die gemeenregtelike betekenis daarvan. Die ondersoek sluit in die oorweging van Suid-Afrikaanse sowel as internasionale regspraak asook die SAID se siening in dié verband. In die hoofstuk sal daar ook spesifiek verwys word na die onlangse appèlhofuitspraak en die beginsels wat daardeur neergelê is. Die hoofstuk word afgesluit met 'n gevolgtrekking oor die gemeenregtelike betekenis van die begrip *onkoste werklik aangegaan* en of 'n maatskappy onkoste werklik aangaan wanneer hy aandele uitreik.

### **1.6.4 Hoofstuk 5: Vergelyking tussen *onkoste werklik aangegaan* en die effek van latere betaling deur die uitreik van aandele**

Indien daar in hoofstuk 4 bevind word dat 'n maatskappy nie onkoste werklik aangaan wanneer hy aandele uitreik nie, word werkbare alternatiewe ondersoek om op 'n belastingeffektiewe wyse steeds dieselfde kommersiële gevolge te bewerkstelling. Oorweging word geskenk aan die toepassing van artikel 8(4)(m) en die moontlikheid om van skuldvergeljking gebruik te maak ten einde toepassing van artikel 8(4)(m) vry te spring.



### **1.6.5 Hoofstuk 6: Gevolgtrekking**

Hierdie hoofstuk bevat 'n oorsig van die navorsing wat hierin onderneem is in die ondersoek van die probleemstelling. Daarna word daar 'n gevolgtrekking gemaak of die uitreik van aandele deur 'n maatskappy ten einde bates of dienste te bekom sou beteken dat 'n maatskappy onkoste werklik aangegaan het vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet.

### **1.6.6 Hoofstuk 7: Bibliografie**

---000---

## **2 HOOFSTUK 2: MAATSKAPPYWETVEREISTES EN GEVOLGE WANNEER 'N MAATSKAPPY AANDELE UITREIK TEN EINDE SY VERPLIGTINGE NA TE KOM**

### **2.1 Inleiding**

Die nuwe Maatskappywet het op 1 Mei 2011 in werking getree. Behalwe vir spesifieke bepalings, wat nie relevant is vir hierdie ondersoek nie, is die ou Maatskappywet in sy geheel vervang. Een van die wesenlike verskille tussen die ou Maatskappywet en die nuwe Maatskappywet is die afskaffing van aandele met pariwaarde (ook genoem: aandele met nominale waarde). Die nuwe Maatskappywet bevat spesifieke bepalings ten einde die oorgang van aandele met pariwaarde na aandele sonder pariwaarde te bewerkstellig.<sup>31</sup>

Ingevolge die Regulasies uitgereik ingevolge artikel 223 van die nuwe Maatskappywet ('nuwe Maatskappywet Regulasies') mag 'n bestaande maatskappy nie na 1 Mei 2011 enige nuwe aandele met pariwaarde of aandele met nominale waarde magtig nie.<sup>32</sup> Bestaande maatskappye word egter ingevolge regulasie 31(5) van die nuwe Maatskappywet Regulasies toegelaat om steeds gemagtigde aandele met pariwaarde uit te reik van 'n klas waarvan daar onmiddellik voor 1 Mei 2011 reeds uitstaande uitgereikte aandele was.

Aangesien bestaande maatskappye in die toekoms slegs toegelaat sal word om aandele sonder pariwaarde te magtig en in beperkte gevalle uit te reik, verwag die skrywer dat die gebruik van aandele met pariwaarde in aandeelgebaseerde transaksies mettertyd sal verdwyn. Daar word egter steeds aandag geskenk aan die beginsels, ingevolge die ou Maatskappywet, met betrekking tot die uitreik van aandele en toewysing daarvan. Daarna word die beginsels ingevolge die nuwe Maatskappywet bespreek.

Alle verwysing in hierdie hoofstuk na 'artikel' is na artikels in die ou en die nuwe Maatskappywet, soos wat die konteks aandui.

### **2.2 Ou Maatskappywet – die uitreik van aandele**

Ingevolge die ou Maatskappywet moet 'n maatskappy se akte van oprigting onder andere die volgende vermeld:

---

<sup>31</sup> Sien item 6 van Skedule 5 van die nuwe Maatskappywet

<sup>32</sup> Sien regulasie 31(2) van die nuwe Maatskappywet Regulasies, 2011, uitgereik op 26 April 2011

- die bedrag van die aandelekapitaal waarmee dit van voorneme is om te registreer en die verdeling daarvan in aandele van 'n vasgestelde bedrag; of
- die getal aandele as die maatskappy aandele sonder pariwaarde gaan hê.<sup>33</sup>

Daar word gewoonlik na die *aandelekapitaal* van 'n maatskappy verwys as die maatskappy se *gemagtigde aandelekapitaal* aangesien dit die maksimum bedrag van aandelekapitaal verteenwoordig wat die maatskappy mag uitreik kragtens sy akte van oprigting. In die geval van aandele met pariwaarde is die gemagtigde aandelekapitaal die bedrag van aandelekapitaal wat die maatskappy mag uitreik deur middel van aandele van 'n vasgestelde bedrag. In die geval van aandele sonder pariwaarde is dit die aantal aandele wat die maatskappy gemagtig is om uit te reik.<sup>34</sup>

Die *uitgereikte aandelekapitaal* van 'n maatskappy is, in die geval van aandele met pariwaarde, die totale bedrag van die aandele met pariwaarde deur die maatskappy uitgereik. In die geval van aandele sonder pariwaarde is dit die aantal aandele wat uitgereik is deur die maatskappy.<sup>35</sup> Aandele met pariwaarde word getoon in die *aandelekapitaalrekening* en in die geval van aandele sonder pariwaarde in die *verklaardekapitaal-rekening*.

Die *volopbetaalde aandelekapitaal* van 'n maatskappy is die bedrag van die vergoeding ontvang deur die maatskappy in ruil vir sy aandele minus, in die geval van aandele met pariwaarde, enige premie wat betaal is ten opsigte van daardie aandele.<sup>36</sup> Ten einde meer duidelikheid te kry oor die verskille tussen *gemagtigde aandelekapitaal*, *volopbetaalde aandelekapitaal* en *kapitaal* word Engelse regspraak vervolgens oorweeg.

In *Verner v General & Commercial Trust*<sup>37</sup> is bevind dat 'n maatskappy se kapitaal die *waarde* is wat betaal is aan die maatskappy deur sy aandeelhouders in ruil vir hulle aandele. Hier is die woord *kapitaal* dan gebruik om te verwys na

<sup>33</sup> Sien artikel 52(2) van die ou Maatskappywet

<sup>34</sup> Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sesde Uitgawe. Juta & Co Ltd, op bladsy 5-1

<sup>35</sup> Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sesde Uitgawe. Juta & Co Ltd, op bladsy 5-1

<sup>36</sup> Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sesde Uitgawe. Juta & Co Ltd, op bladsy 5-2

<sup>37</sup> *Verner v General & Commercial Investment Trust* [1894] 2 Ch 239 op bladsy 265

geld of ander bates betaal aan die maatskappy as vergoeding vir die aandele uitgereik deur die maatskappy, dit wil sê die maatskappy se *volopbetaalde kapitaal*.

In *Lowry (Inspector of Taxes) v Consolidated African Selections Trust Ltd*<sup>38</sup> maak Lord Wright die volgende stelling:

*It is true that unissued shares are not an asset, in any sense, of the company. What value they have only comes when, and by the fact that, they are issued...Unissued share capital was described by Lord Davey in *Hilder v Dexter*<sup>39</sup> as potential capital.*

*The power to issue further capital is only a potentiality, but the fact of issue makes it actual capital, and creates the fasciculus of rights and liabilities between the company and the shareholder which flows from the shares when issued. If the shares stand at a premium, the directors prima facie owe a duty to the company to obtain for it the full value which they are able to get. It is true that it is within their powers under the Companies Act to issue it at par, even in such a case, but their duty to the company is not to do so unless for good reason.*<sup>40</sup> (eie beklemtoning)

Regter Walton bevind dan ook in *Shearer (Inspector of Taxes) v Bercain Ltd*<sup>41</sup> dat bostaande aanhaling uit Lord Wright se uitspraak nog nooit bevraagteken of mee verskil is nie en dat dit inderdaad 'n toonaangewende grondbeginsel daarstel.

Die toewysing en uitreik van aandele asook die betaling vir die aandele word in die volgende gedeeltes bespreek.

### **2.2.1 Toewysing en uitreik van aandele**

Ingevolge artikel 92(1) mag geen maatskappy aandele toewys of uitreik tensy die volle uitreikingsprys of ander teenprestasie vir sodanige aandele *betaal is*

---

<sup>38</sup> 1940 2 AER 545

<sup>39</sup> *Hilder v Dexter* [1902] AC 474 (HL) op bladsy 480

<sup>40</sup> *Lowry v Consolidated African Selections Trust Limited* 1940 2 AER 545 op bladsy 565

<sup>41</sup> *Shearer (Inspector of Taxes) v Bercain Ltd* [1980] 3 ALL ER 295 op bladsy 307

aan en ontvang is deur die maatskappy nie.<sup>42</sup> Die toewysing van aandele in stryd met artikel 92(1) is nietig.<sup>43</sup>

Die frase *die volle uitreikingsprys of ander teenprestasie vir sodanige aandele betaal is en ontvang is deur die maatskappy* is ietwat misleidend, aangesien dit suggereer dat die *uitreikingsprys* slegs verband hou met die geval waar kontant betaal word vir aandele.<sup>44</sup> Die posisie is eerder dat daar altyd 'n uitreikingsprys is. Die primêre aanspreeklikheid van die persoon wat inskryf op die aandele is om kontant te betaal vir die aandele, maar dit staan die maatskappy egter vry om enige ander vergoeding in plaas van kontant te aanvaar of te vereis as betaling van die uitreikingsprys.<sup>45</sup>

In Regter Wunsh se uitspraak in *Etkind and Others v Hicor Trading Limited and another*<sup>46</sup> bevind hy dat, ingevolge artikel 92, wat ook al betaal is vir die aandele, in kontant of andersins, ontvang *moet* word deur die maatskappy *voor of op* die tydstip wat die aandele uitgereik word.<sup>47</sup> Hy bevind verder dat 'n ooreenkoms wat vereis dat 'n maatskappy bates verkry deur aandele uit te reik voor of sonder dat die maatskappy lewering van die gekoopte bates ontvang, nietig is.<sup>48</sup> Vervolgens word die manier waarop die toewysing en uitreiking prakties plaasvind oorweeg.

## 2.2.2 Aansoek, toewysing en betaling

Aandele van 'n maatskappy word verkry van die maatskappy deur middel van 'n *kontrak* tussen die maatskappy en die persoon wat inskryf op die aandele (en nie deur middel van 'n kontrak om die aandele te koop nie).<sup>49</sup> Daar word na sodanige kontrak verwys as 'n kontrak vir subskripsie<sup>50</sup> of toewysing.<sup>51</sup>

Die normale gemenegereëls van aanbod en aanname is van toepassing op sodanige kontrak in die mate wat die ou Maatskappywet dit nie spesifiek wysig

<sup>42</sup> Artikel 92(1) van die ou Maatskappywet

<sup>43</sup> Meskin, PM., Galgut B., Kunst JA., Delpont, P. & Vorster, Q. Henochsberg on the Companies Act. Elektroniese Weergawe. Bygewerk November 2010. LexisNexis. Algemene nota by artikel 92 van die ou Maatskappywet

<sup>44</sup> Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sesde Uitgawe. Juta & Co Ltd, op bladsy 5-239

<sup>45</sup> Osborne v Steel Barrel Co Ltd [1942] 1 ALL ER 634 op bladsy 637

<sup>46</sup> [1998] JOL1861 (W)

<sup>47</sup> Etkind and others v Hicor Trading Ltd and another [1998] JOL1861 (W) op bladsy 39

<sup>48</sup> Etkind and others v Hicor Trading Ltd and another [1998] JOL1861 (W) op bladsy 42

<sup>49</sup> Re VGM Holdings Ltd [1942] Ch 235; [1942] 1 ALL ER 224 (CA) op bladsy 226

<sup>50</sup> Sien betekenis van 'subscribe' in Arnison v Smith (1889) 41 ChD 348 op bladsy 357. 'Subscribe' probably means entering into an agreement to take shares by a formal application or otherwise, under which there is a liability to pay.

<sup>51</sup> Moosa v Laloo 1957 (4) SA 207 op bladsy 219.

nie. Die algemene reëls dat geen spesifieke vorm vir so 'n kontrak vereis word nie, geld dus. Die kontrak kan dus skriftelik of mondelings wees.<sup>52</sup> Die kontrak het die volgende noodwendige elemente: die maatskappy se aanbod vir subskripsie; die persoon wat inskryf se aansoek; en die toewysing van aandele aan die betrokke persoon. Daar word voldoen aan die kontrak wanneer die persoon wat inskryf op aandele, betaal vir die aandele en die aandele aan hom uitgereik word.

Regter Wunsh verwys in sy uitspraak in *Etkind and Others v Hicor Trading Limited and another*<sup>53</sup> na die volgende opmerking in *Gore-Browne on companies*:

*The written contract goes very far to establish that the consideration is not illusory even if there is much to point to it being inadequate. In fact, a private company....can agree to purchase property and pay for services at any price it thinks proper, and may make the payment in shares provided that it does so honestly and not colourably, and has not been so imposed upon as to be entitled to repudiate the bargain...*

*The bargain must, however, represent a real valuation of the property transferred as an equivalent for the shares issued. Thus if the directors have not considered at all whether the property and the shares are of equivalent value the issue is bad.*<sup>54</sup> (eie beklemtoning)

Die ou Maatskappywet is onlangs vervang met die nuwe Maatskappywet en dit noodsaak 'n ondersoek na die vereistes wat deur die nuwe Maatskappywet gestel word.

## **2.3 Nuwe Maatskappywet**

### **2.3.1 Magtiging vir aandele**

Ingevolge artikel 31(2) het aandele geen pariwaarde of nominale waarde nie, tensy item 6(2) van Skedule 5 by die nuwe Maatskappywet van toepassing is. Item 6(2) van Skedule 5 by die nuwe Maatskappywet bepaal dat enige uitgereikte aandele met pariwaarde van 'n bestaande maatskappy wat gehou is

<sup>52</sup> Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sesde Uitgawe. Juta & Co Ltd, op bladsy 5-241

<sup>53</sup> [1998] JOL1861 (W)

<sup>54</sup> Boyle, AJ., Syke R. & Sealy, LS. 1997. *Gore-Browne on Companies*. Vier-en-veertigste uitgawe. Jordan Publishing Ltd, op bladsy 13.004

deur aandeelhouders onmiddellik voor 1 Mei 2011 steeds hulle pariwaarde behou.

Ingevolge artikel 36(1)(a) van die nuwe Maatskappywet moet 'n maatskappy se akte van oprigting die verskillende klasse aandele en die getal aandele per klas wat die maatskappy gemagtig is om uit te reik uiteensit.

### **2.3.2 Toewysing en uitreik van aandele**

Die direksie van 'n maatskappy mag slegs gemagtigde aandele uitreik vir voldoende vergoeding soos bepaal deur die direksie.<sup>55</sup> Voordat 'n maatskappy enige spesifieke aandele mag uitreik, moet die direksie die vergoeding waarvoor die aandele uitgereik mag word, vasstel.<sup>56</sup> Die vergoeding, soos bepaal deur die direksie, mag nie bevraagteken word op enige ander basis as die fidusiêre plig van die direkteure soos vervat in artikel 76 en 77 nie.<sup>57</sup> Sodra die maatskappy die vergoeding ontvang wat vasgestel is deur die direksie, is daardie aandele volopbetaalde aandele en moet die maatskappy die aandele uitreik.<sup>58</sup>

### **2.3.3 Omskepping van aandele met pariwaarde**

Die omskepping van aandele met pariwaarde in aandele sonder pariwaarde en die uittasering van aandele met pariwaarde word bepaal in regulasie 31 van die nuwe Maatskappywet Regulasies. Ingevolge regulasie 31:

- mag 'n bestaande maatskappy nie op of na 1 Mei 2011 enige nuwe aandele met pariwaarde magtig nie;<sup>59</sup> en
- word 'n bestaande maatskappy verder verbied om enige aandele uit te reik van 'n klas gemagtigde aandele met pariwaarde waarvan geen uitgereikte aandele voor 1 Mei 2011 bestaan nie, tensy die aandele omskep is in aandele sonder pariwaarde ingevolge regulasie 31(3)(b) van die nuwe Maatskappywet Regulasies.<sup>60</sup>

<sup>55</sup> Artikel 40(1)(a) van die nuwe Maatskappywet

<sup>56</sup> Artikel 40(2) van die nuwe Maatskappywet

<sup>57</sup> Artikel 40(3) van die nuwe Maatskappywet

<sup>58</sup> Artikel 40(4) van die nuwe Maatskappywet

<sup>59</sup> Regulasie 31(2) van die nuwe Maatskappywet Regulasies

<sup>60</sup> Regulasie 31(3)(a) van die nuwe Maatskappywet Regulasies

’n Bestaande maatskappy word egter wel toegelaat om steeds gemagtigde aandele met pari-waarde uit te reik van ’n klas waarvan daar onmiddellik voor 1 Mei 2011 reeds uitstaande uitgereikte aandele was.<sup>61</sup>

Regulasie 31 bepaal dan ook dat ’n bestaande maatskappy deur middel van ’n wysiging van sy akte van oprigting aandele met pariwaarde mag omskep in aandele sonder pariwaarde.<sup>62</sup>

## **2.4 Gevolgtrekking**

### **2.4.1 Ooreenkoms tussen die ou en die nuwe Maatskappywet**

Dit blyk dat die grondbeginsels rondom die uitreik en toewysing van aandele in die ou die nuwe Maatskappywet grotendeels ooreenstem. Die vereiste dat geen aandele toegewys of uitgereik mag word voordat die teenprestasie vir sodanige aandele ontvang is nie, word in beide die ou en die nuwe Maatskappywet gevind.<sup>63</sup>

Aangesien die nuwe Maatskappywet onlangs in werking getree het en geen spesifieke regspraak in hierdie stadium in dié verband beskikbaar is nie, word daar aan die hand gedoen dat daar noodwendig na regspraak ten opsigte van die ou Maatskappywet en regspraak uit Engeland verwys moet word.

### **2.4.2 Toewysing en uitreik van aandele**

Aandele van ’n maatskappy word verkry vanaf die maatskappy ingevolge ’n kontrak. Normale gemeneregreëls is van toepassing op hierdie kontrak. Ingevolge die kontrak het die persoon wat inskryf op die aandeleaandele die aanspreeklikheid om ’n teenprestasie te lewer terwyl die maatskappy terselfdertyd ’n verpligting het om aandele uit te reik.<sup>64</sup>

Die vergoeding of teenprestasie word bepaal deur die kontrak wat aangegaan word tussen die persoon wat inskryf op die aandele en die maatskappy. ’n Maatskappy kan ooreenkoms om eiendom of dienste teen enige prys wat hy as redelik ag te verkry.<sup>65</sup> Die ou en nuwe Maatskappywet bepaal egter dat die

---

<sup>61</sup> Regulasie 31(5) van die nuwe Maatskappywet Regulasies

<sup>62</sup> Regulasie 31(6) van die nuwe Maatskappywet Regulasies

<sup>63</sup> Sien artikel 92(1) van die ou Maatskappywet en die ooreenstemming met artikel 40(4) van die nuwe Maatskappywet

<sup>64</sup> *Re VGM Holdings Ltd* [1942] Ch 235; [1942] 1 ALL ER 224 (CA) op bladsy 226

<sup>65</sup> Boyle, A.J., Syke R. & Sealy, L.S. 1997. *Gore-Browne on Companies*. Vier-en-veertigste uitgawe. Jordan Publishing Ltd, op bladsy 13.004



maatskappy die aandele slegs mag uitreik sodra die teenprestasie ontvang is van die persoon wat inskryf op die aandele.<sup>66</sup>

Onuitgereikte aandele het geen waarde nie en is ook nie bates nie. Dit kry egter 'n waarde op die oomblik van uitreiking. Uitreiking maak dit kapitaal en skep die bondel van regte en verpligtinge tussen die maatskappy en die aandeelhouer op die stadium van uitreiking.<sup>67</sup> Die bondel van regte sluit byvoorbeeld in die reg van die aandeelhouer om deel te neem aan die uitoefening van die beheerfunksie van die algemene vergadering, die reg op dividend na hulle verklaar is en deelname in 'n verdeling by likwidasie.<sup>68</sup> Met uitreiking word die waarde van aandele dus vasgestel.<sup>69</sup>

In die lig van bogenoemde word aan die hand gedoen dat 'n maatskappy gevolglik in die eerste plek ooreenkom om bates of dienste teen 'n prys te bekom wat die maatskappy redelik ag, en sodra die maatskappy die bates of diens ontvang het, vind vereffening van die verpligting plaas deur middel van die uitreik van aandele.

Die ooreenkoms moet egter die werklike waarde van die bate of dienste, as ekwivalent vir die aandele uitgereik, verteenwoordig. Indien die direkteure van die maatskappy nie oorweeg het of die bate of dienste gelyk is aan die waarde van die aandele wat uitgereik is nie, is die uitreiking nie noodwendig uitgevoer ingevolge hulle fidusiêre plig nie.<sup>70</sup>

In die volgende hoofstuk word daar na spesifieke artikels, betreffende die uitreik van aandele, in die Inkomstebelasting wet gekyk.

---000---

---

<sup>66</sup> Artikel 92(1) van die ou Maatskappywet en Artikel 40(4) van die nuwe Maatskappywet

<sup>67</sup> Lowry v Consolidated African Selections Trust Limited 1940 2 AER 545 op bladsy 565

<sup>68</sup> Cilliers, HS., Benade, ML., Henning, JJ., Du Plessis, JJ. & Delpont, PA. 1992. *Korporatiewe Reg*. Tweede Uitgawe. Butterworths Uitgewers (Edms.) Bpk., op bladsy 234

<sup>69</sup> Lowry v Consolidated African Selections Trust Limited 1940 2 AER 545 op bladsy 565

<sup>70</sup> Boyle, AJ., Syke R. & Sealy, LS. 1997. *Gore-Browne on Companies*. Vier-en-veertigste uitgawe. Jordan Publishing Ltd, op bladsy 13.004 gelees saam met Artikel 40(3) van die nuwe Maatskappywet

### 3 HOOFSTUK 3: 'N KRITIESE ONDERSOEK NA DIE WERKING EN BEPERKTE TOEPASSING VAN ARTIKEL 24B

#### 3.1 Inleiding

Gedurende Februarie 2004 bevind regter Goldblatt, in *ITC 1783*<sup>71</sup> dat 'n maatskappy wat aandele uitreik ten einde die verkoopprijs van 'n besigheid te vereffen nie onkoste aangegaan het vir doeleindes van artikel 11 (gA) nie. Die SAID reik in Maart 2004, na afloop van dié uitspraak, 'n konsep Interpretasienota<sup>72</sup> uit waarin dit duidelik gemaak word dat die SAID saamstem met regter Goldblatt se uitspraak.<sup>73</sup> Hoewel dié konsep Interpretasienota nooit finaal deur die SAID uitgereik is nie, word artikel 24B as deel van die 2004 Inkomstebelastingwetswysigings ingesluit.<sup>74</sup>

Artikel 24B word geag om vir kapitaalwinstbelastingdoeleindes terugwerkend van toepassing te wees op enige bate (uitgesluit handelsvoorraad) wat op of na 1 Oktober 2001 verkry is en in alle ander gevalle op enige bate wat op of na 24 Januarie 2005 verkry is.<sup>75</sup>

In die Verklarende Memorandum by die Wetsontwerp op Inkomstewette, 2004<sup>76</sup>, wat die insluiting van artikel 24B vergesel het, word daar toegegee dat die beperking op die skep van basiskoste van bates wat gefinansier word deur die uitreik van aandele 'n beduidende struikelblok daarstel. Dit inhibeer die vorming van maatskappye en ander vorme van finansiering deur middel van aandele.<sup>77</sup> Daar word verder toegegee dat laasgenoemde beginsel in teenstelling is met internasionale praktyk wat die skep van basiskoste in sodanige gevalle toelaat.<sup>78</sup>

Na die instelling van artikel 24B in 2004 word die artikel in 2007, 2008 en 2009 gedeeltelik gewysig.<sup>79</sup>

---

<sup>71</sup> 2004 66 SATC 373

<sup>72</sup> SARS: *Draft Interpretation Note No ???*, vrygestel op 16 Maart 2004, nooit finaal uitgereik.

<sup>73</sup> SARS: *Draft Interpretation Note No ???*, vrygestel op 16 Maart 2004, nooit finaal uitgereik, op bladsy 3

<sup>74</sup> Artikel 22(1) van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 32 van 2004

<sup>75</sup> Artikel 22(2) van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 32 van 2004

<sup>76</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004 op bladsy 56

<sup>77</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004 op bladsy 56

<sup>78</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004 op bladsy 56

<sup>79</sup> Artikel 39 van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 35 van 2007, Artikel 39 van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 60 van 2008 en artikel 37 van die Wysigingswet op Belastingwette, No. 17 van 2009

## 3.2 Algemene werking van artikel 24B

Artikel 24B vestig drie verskillende stelle reëls in omstandighede waar 'n maatskappy 'n bate of 'n aandeel as vergoeding ontvang in ruil vir die uitreik van aandele.<sup>80</sup>

### 3.2.1 Basiese reël – Artikel 24B(1)

Die basiese reël bepaal dat waar 'n maatskappy 'n bate van 'n ander persoon verkry, as vergoeding vir aandele wat deur die maatskappy uitgereik word:

- word die maatskappy geag om die bate te verkry het vir 'n bedrag van onkoste gelyk aan die minste van die markwaarde van die:
  - bate onmiddellik na die verkryging; of
  - aandele onmiddellik na die verkryging;<sup>81</sup> en
- word die ander persoon geag om oor die bate te beskik het aan die maatskappy vir 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde van die aandele onmiddellik na die verkryging.<sup>82</sup>

Dit is opmerklik dat die uitreik van aandele as vergoeding vir dienste gelewer buite die bestek van artikel 24B val. Artikel 24B is slegs van toepassing op 'n *bate* soos gedefinieer in paragraaf 1 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet.

Artikel 24B(1) het aanvanklik duidelik bepaal dat 'n persoon die bate moet verkry *in ruil vir* aandele. Die woorde *in ruil vir* het egter 'n onreëlmatigheid in die wetgewing veroorsaak waar daar nie 'n direkte ruiling plaasvind tussen die maatskappy en die persoon wat die vergoeding verskaf nie.<sup>83</sup> Dit kan byvoorbeeld plaasvind waar 'n maatskappy aandele aan 'n persoon uitreik en, as vergoeding vir die uitreiking, delg die persoon 'n bestaande skuld van die maatskappy aan 'n derde party.

---

<sup>80</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., paragraaf 17.6

<sup>81</sup> Artikel 24B(1)(a)

<sup>82</sup> Artikel 24B(1)(b)

<sup>83</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 48

Indien die woorde *in ruil vir* eng geïnterpreteer word, sou artikel 24B nie in hierdie omstandighede geld nie.<sup>84</sup> Ten einde hierdie onreëlmatigheid aan te spreek is die woorde *in ruil vir* met ingang van 21 Oktober 2008 vervang met die woorde *as vergoeding*.<sup>85</sup>

'n Verdere tekortkoming van die aanvanklike weergawe van artikel 24B(1) is dat dit nie vereis het, voor 21 Oktober 2008, dat die waarde van die aandele wat uitgereik word gelyk moet wees aan die markwaarde van die bate wat geruil word vir daardie aandele nie. Die bedrag waarteen daar oor die aandele beskik word en die bedrag waarteen die bate verkry word, is egter geag gelyk te wees aan die markwaarde van die bate op die tydstip van verkryging. Hierdie agtingsbepaling het die geleentheid geskep vir belastingvermyding waar daar 'n wanverhouding bestaan tussen die markwaarde van die aandele en die markwaarde van die bate. In gevalle waar die waarde van die aandele wat die maatskappy uitreik laer is as die waarde van die bate, sou die aanvanklike weergawe van artikel 24B(1) veroorsaak het dat die maatskappy steeds geag word 'n onkoste gelyk aan die waarde van die bate te hê (dit wil sê, die hoër waarde).<sup>86</sup>

Die wysiging van artikel 24B(1) in 2008 het egter dié markwaarde-wanverhouding aangespreek. Artikel 24B(1) bepaal na dié wysiging dat die onkoste wat die maatskappy wat die aandele uitreik geag word om aan te gaan, beperk word tot die minste van die markwaarde van die bate of die markwaarde van die aandele na afloop van die verkryging.<sup>87</sup>

### **3.2.2 Aandeel-vir-aandeelreël – Artikel 24B(2)**

Waar 'n maatskappy sy eie aandele uitreik in ruil vir die uitreik van aandele deur 'n tweede maatskappy word nie een van dié twee maatskappye geag onkoste aan te gegaan het nie.<sup>88</sup> Hierdie sogenaamde zero-onkostereël is vervat in artikel 24B(2) en bepaal dat waar 'n maatskappy enige aandeel verkry wat *direk* of *indirek* aan daardie maatskappy uitgereik is in ruil vir die uitreik van aandele deur daardie maatskappy of enige verbonde persoon met betrekking tot daardie

<sup>84</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 48

<sup>85</sup> Artikel 39(1)(a) van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 60 van 2008

<sup>86</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 48 tot bladsy 49

<sup>87</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 48 tot bladsy 49 en Artikel 39(1)(a) van die Wysigingswet op Inkomstewette, No. 60 van 2008

<sup>88</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., paragraaf 17.6

maatskappy, word daardie maatskappy geag geen onkoste aan te gegaan het ten opsigte van die verkryging van daardie aandeel nie.<sup>89</sup>

Anders as in gevalle wat onder artikel 24B(1) gedek word, hou dié kruisuitreiking van aandele geen normale belastinggevolg vir die betrokke partye in nie.<sup>90</sup> Die gevolg is dat die aandele se basiskoste, indien die aandeelkapitaal kapitale bates verteenwoordig, nul is in die hande van die ontvanger. Indien die aandele handelsvoorraad verteenwoordig, is die aftrekbare onkoste ten opsigte van die aandele ook nul.<sup>91</sup>

Die 2004-weergawe van artikel 24B(2) het reeds spesifiek verwys na die woorde *direk of indirek in ruil vir die uitreik van aandele*. As deel van die 2008-wetswysigings is dié woorde egter vervang met *vanweë of as gevolg van en binne 'n tydperk van 18 maande na die uitreik van aandele*. Volgens die Verklarende Memorandum by die Wetsontwerp op Inkomstewette, 2008 was hierdie wysiging noodsaaklik ten einde die omvang van artikel 24B(2) uit te brei.<sup>92</sup> Belastingpligtiges het byvoorbeeld aangevoer dat die zero-onkostereël, in gevalle waar een maatskappy ('maatskappy A') aandele vir kontant uitreik aan 'n ander maatskappy ('maatskappy B') en dié uitreiking gevolg word deur maatskappy B wat weer op sy beurt aandele aan maatskappy A uitreik vir kontant, nie van toepassing is nie. Die argument steun op die feit dat daar geen *indirekte* uitreiking in sodanige geval plaasvind nie.<sup>93</sup>

In die Verklarende Memorandum by die Wetsontwerp op Belastingwette, 2009, voer die wetgewer egter aan dat bogenoemde 2008-wysiging 'n onbedoelde onreëlmatigheid tot gevolg gehad het. In 2009 word die woorde *vanweë of as gevolg van en binne 'n tydperk van 18 maande na die uitreik van aandele* dan weer terug verander na *direk of indirek in ruil vir die uitreik van aandele* met terugwerkende krag.

Die gebruik van die woord *indirek* veroorsaak, na die skrywer se mening, steeds 'n potensiële onreëlmatigheid soos wat duidelik blyk uit die volgende voorbeeld:

---

<sup>89</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 503 en 504

<sup>90</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., paragraaf 17.6

<sup>91</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., paragraaf 17.6

<sup>92</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 49

<sup>93</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008 op bladsy 49

### Voorbeeld 1

*Maatskappy A besluit om 'n aandelebelang in maatskappy C te bekom. Die bestaande aandeelhouders van maatskappy C wil egter nie enige van hulle maatskappy C- aandele verkoop nie en stel voor dat maatskappy A 'n houermaatskappy ('maatskappy B') oprig en inskryf op aandele in maatskappy B vir kontant. Maatskappy B gebruik dié kontant om in te skryf op aandele in maatskappy C.*

Indien artikel 24B(2) toegepas word op bostaande voorbeeld is dit argumenteerbaar dat die maatskappy C-aandele aan maatskappy B uitgereik is direk of *indirek* in ruil vir die uitreik van aandele deur maatskappy B aan maatskappy A. Indien dit die geval is, word maatskappy B geag geen onkoste aan te gegaan het ten opsigte van die verkryging van die maatskappy C-aandele wat hy verkry het nie.

Die probleem lê na die skrywer se mening in die breë betekenis van die woord *indirek*.

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal ('HAT')* verskaf die volgende betekenis vir die woord *indirek*:

'met 'n ompad; nie reguit nie'; 'nie reguit, eerlik nie; dubbelsinnig'; ontwykend'; 'deur bemiddeling van 'n tussenpersoon of -middel'<sup>94</sup> (eie beklemtoning)

Die *Oxford Dictionary of English* verskaf die volgende betekenis vir die woord *indirect*:

'not directly caused by or resulting from'; 'not done directly; 'conducted through intermediaries'<sup>95</sup> (eie beklemtoning)

As hierdie betekenis (veral die twee betekenis wat hierbo beklemtoon is) oorweeg word, is die skrywer van mening dat die woorde *direk of indirek* in artikel 24B(2) 'n wye omvang het en dat dit steeds negatiewe belastinggevolge in kommersiële transaksies, soos die voorbeeld hierbo genoem, mag hê.

<sup>94</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 447

<sup>95</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press, op bladsy 882

Die wetgewer maak wel voorsiening vir verligting ten opsigte van die negatiewe belastinggevolge van die zero-onkostereël in artikel 24B(2). In die volgende gedeelte word die beskikbare verligtingsbepalings onder die loep geneem.

### **3.2.3 Voorkeuraandele in ruil vir gewone aandele of omskepbare voorkeuraandele – Artikel 24B(2A)**

Die zero-onkostereël van artikel 24B(2) mag egter wesenlike negatiewe gevolge in 'n Suid-Afrikaanse konteks hê, veral gegewe die probleme wat sekere partye ondervind om derdepartyfinansiering te bekom.<sup>96</sup> As gevolg hiervan het kruisuitreikingstrukture ontstaan wat sekere beleggers toelaat om finansiering te bekom ten einde 'n teikenmaatskappy te verkry sonder om van derdepartyfinansiering gebruik te maak.

Een so 'n struktuur behels die uitreik van aandele deur 'n bedryfsmaatskappy in ruil vir aflosbare voorkeuraandele wat uitgereik word deur die beleggermaatskappy. Die probleem ontstaan wanneer die aflosbare voorkeuraandele deur die beleggermaatskappy afgelos word. Indien geen artikel 24B(2A)-verligting beskikbaar was nie, sou dit beteken dat die bedryfsmaatskappy 'n wins moes erken gelyk aan die volle waarde van die aflosbare voorkeuraandele. Laasgenoemde gevolg is problematies aangesien die aflos van voorkeuraandele uit 'n ekonomiese oogpunt soortgelyk is aan die terugbetaling van die kapitaalbedrag van 'n lening (wat teoreties nie belastinggevolge behoort te hê nie).<sup>97</sup> Artikel 24B(2A) verskaf dus belastingverligting vir bedryfsmaatskappye wat terugbetaling ontvang van die kapitaalbedrag van die selffinansiering van hulle aandele.

Artikel 24B(2A) stel daarom die zero-onkostereël in artikel 24B(2) ter syde waar:

- 'n voorkeuraandeel uitgereik is aan 'n maatskappy in ruil vir gewone aandele (of voorkeuraandele wat omskepbaar is in gewone aandele) wat deur dié maatskappy uitgereik is;<sup>98</sup>
- die voorkeuraandeel afgelos is;<sup>99</sup> en

---

<sup>96</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2007 op bladsy 26

<sup>97</sup> SARS: Comprehensive Guide to Capital Gains Tax (Issue 3) op bladsy 261 en 262

<sup>98</sup> Artikel 24B(2A)(a)

<sup>99</sup> Artikel 24B(2A)(b)

- die maatskappy die voorkeuraandeel vir 'n tydperk van minstens vyf jaar gehou het.<sup>100</sup>

Die gevolg van die artikel 24B(2A)-verligting is dat die onkoste aangegaan deur die maatskappy met die verkryging van die voorkeuraandeel geag word 'n bedrag te wees gelyk aan die minste van:

- die markwaarde van die voorkeuraandeel op die datum van verkryging van die voorkeuraandeel; of
- die bedrag ontvang of toegeval as gevolg van die aflossing van die voorkeuraandeel.<sup>101</sup>

Die gebruik van die *minste van*-toets in artikel 24B(2A) lei tot 'n beperking van die wins wat ontstaan met aflossing sonder om 'n verlies toe te laat.<sup>102</sup>

Artikel 24B(2B) voorsien verdere spesifieke verligting vir transaksies tussen maatskappye van dieselfde groep. Artikel 24B(2B) is van toepassing waar die maatskappy wat die voorkeuraandeel ontvang het, daarvoor beskik aan 'n ander maatskappy in terme van 'n intragroeptransaksie soos gedefinieer in artikel 45.<sup>103</sup> Wanneer dit gebeur, moet dié maatskappy en die ander maatskappy, vir die tydperk wat hulle deel vorm van dieselfde groep van maatskappye, geag word een en dieselfde persoon te wees vir doeleindes van artikel 24B(2A)(c).<sup>104</sup>

'n *Groep van maatskappye* word in artikel 1 soos volg omskryf:

*twee of meer maatskappye waarin een maatskappy (hierna die 'beherende groepsmaatskappy' genoem) direk of indirek aandele in minstens een ander maatskappy (hierna die 'beheerde groepsmaatskappy' genoem) hou, tot die mate wat —*

- (a) *minstens 70 persent van die ekwiteitsaandele van elke beheerde groepsmaatskappy direk deur die beherende groepsmaatskappy, een of meer ander beheerde groepsmaatskappye of enige kombinasie daarvan, gehou word;*  
*en*

---

<sup>100</sup> Artikel 24B(2A)(c)

<sup>101</sup> Artikel 24B(2A)

<sup>102</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2007 op bladsy 27

<sup>103</sup> SARS: Comprehensive Guide to Capital Gains Tax (Issue 3) op bladsy 263

<sup>104</sup> Artikel 24B(2B)



(b) *die beherende groepsmaatskappy direk minstens 70 persent van die ekwiteitsaandele in minstens een beheerde groepsmaatskappy hou;*<sup>105</sup>

Die begrippe *beherende groepsmaatskappy* en *beheerde groepsmaatskappy* word in die Inkomstebelastingwet gebruik om verskillende soorte maatskappye in 'n groep van maatskappye aan te toon. Die begrip word vir doeleindes van korporatiewe oorrolverligting verder beperk in artikel 41. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat hoewel artikel 45 verwys na die meer beperkte definisie van 'n *groep van maatskappye* in artikel 41, artikel 24B(2B) verwys na die wyer betekenis van 'n groep van maatskappye in artikel 1.<sup>106</sup> 'n Groep van maatskappye vir inkomstebelastingdoeleindes is daarom verskillend van die normale verstaanbare konsep van 'n groep van maatskappye wat 'n houermaatskappy en een of meer filiaalmaatskappye insluit.<sup>107</sup>

Artikel 24B(2B) en 24B(2A) moet saam gelees word aangesien artikel 24B(2B) spesifiek verwys na: daardie *voorkeuraandeel* en dan ook daardie *maatskappy*.<sup>108</sup>

Indien die voorkeuraandeel dus deur een maatskappy aan 'n ander maatskappy beskik word in terme van 'n intragroeptransaksie, soos gedefinieer in artikel 45, word die tydperk wat die voorkeuraandeel in die hande van die oordraggewende en die oordragnemende maatskappy in ag geneem wanneer die vyfjaartoets in artikel 24(2A)(c) toegepas word.

### **3.2.4 Bate wat af beweeg in 'n reeks van beheerde groepsmaatskappye – Artikel 24B(2C)**

Artikel 24B(2C) voorsien op sy beurt belastingverligting, deurdat dit die zero-onkostereël van artikel 24B(2) ter syde stel in gevalle waar 'n bate afbeweeg in 'n reeks van beheerde groepsmaatskappye.

Artikel 24B(2C) is van toepassing waar:

---

<sup>105</sup> Die definisie van *groep van maatskappye* in Artikel 1

<sup>106</sup> Artikel 45(1)(a) gelees saam met artikel 41(1)

<sup>107</sup> Huxham, K. & Haupt, P. 2011. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. Dertigste uitgawe. Roggebaai: H & H Publications., op bladsy 332

<sup>108</sup> <sup>108</sup> SARS: Comprehensive Guide to Capital Gains Tax (Issue 3) op bladsy 263 en Artikel 24B(2B)

- 'n maatskappy enige bate verkry van 'n persoon (anders as aandele uitgereik deur daardie persoon) as vergoeding vir aandele uitgereik deur die maatskappy;<sup>109</sup> en
- enige beheerde groepsmaatskappy met betrekking tot daardie maatskappy die bate binne 18 maande na daardie uitreiking, direk of indirek, as vergoeding vir die uitreik van aandele deur die beheerde groepsmaatskappy aan daardie maatskappy verkry.<sup>110</sup>

Wanneer laasgenoemde plaasvind, word daardie maatskappy geag 'n onkoste aan te gegaan het ten opsigte van daardie aandele uitgereik deur die beheerde groepsmaatskappy, wat gelyk is aan die minste van:

- die markwaarde van die bate onmiddellik na die verkryging; of
- die markwaarde van die aandele uitgereik deur die beheerde groepsmaatskappy onmiddellik na die verkryging.<sup>111</sup>

Artikel 24B(2C) dek dus nie spesifiek die situasie van die beheerde groepsmaatskappy nie. Die gevolge vir die beheerde groepsmaatskappy sal afhang van die outomatiese werking van artikel 42, tensy die partye spesifiek skriftelik ooreengekom het dat artikel 42 nie van toepassing is op die transaksie nie, of daar nie aan die spesifieke vereistes van artikel 42 voldoen word nie.

Indien artikel 42 van toepassing is (dit wil sê die partye het nie tot die teendeel ooreengekom nie) en daar is aan al die vereistes van artikel 42 voldoen, word die beheerde groepsmaatskappy geag die bate te verkry teen:

- die basiskoste van die beherende maatskappy indien die bate 'n kapitaalbate is en as kapitaalbate verkry is;<sup>112</sup>
- die bedrag van enige koste aangegaan deur die beherende maatskappy indien die bate handelsvoorraad is en as handelsvoorraad verkry is;<sup>113</sup>  
of

---

<sup>109</sup> Artikel 24B(2C)(a)

<sup>110</sup> Artikel 24B(2C)(b)

<sup>111</sup> Artikel 24B(2C)

<sup>112</sup> Artikel 42(2)(b)(aa)

<sup>113</sup> Artikel 42(2)(b)(bb)

- die bedrag van enige koste aangegaan deur die beherende maatskappy indien die bate 'n kapitaalbate is en as handelsvoorraad verkry is deur die maatskappy.<sup>114</sup>

Indien die partye egter skriftelik ooreenkom dat artikel 42 nie toegepas moet word nie, sal die bepaling van artikel 24B(1) op die beheerde groepsmaatskappy van toepassing wees.<sup>115</sup>

### 3.3 Die wisselwerking tussen artikel 24B en artikel 42

Deel III van hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet bevat spesiale reëls met betrekking tot bate-vir-aandeeltransaksies, intragroeptransaksies, ontbondelingstransaksies en likwidasië-uitkerings. Die artikels in hierdie deel van die Inkomstebelastingwet maak voorsiening vir verligtingsmaatreëls waarna in die spreektaal kortweg verwys word as korporatiewe oorrolverligting. Die effek van die oorrolverligting is dat die normale belastinggevolge van die transaksies effektief uitgestel word.<sup>116</sup>

#### 3.3.1 Definisie van 'n *bate-vir-aandeeltransaksie* – Artikel 42(1)

Vir doeleindes van hierdie studie word daar spesifiek gefokus op 'n bate-vir-aandeeltransaksie en die wisselwerking met die vereistes van artikel 24B.

'n Bate-vir-aandeeltransaksie is enige transaksie:

- ingevolge waarvan 'n persoon oor 'n bate (behalwe 'n bate wat 'n handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde uitmaak) beskik, waarvan die markwaarde gelyk is aan of meer is as:
  - in die geval van 'n bate wat as 'n kapitaalbate gehou word, die basiskoste van daardie bate op die datum van die beskikking;<sup>117</sup>
  - of

---

<sup>114</sup> Artikel 42(2)(b)(cc). Let op dat artikel 42(2)(b) 'n spesifieke proviso bevat indien die persoon oor 'n ekwiteitsaandeel in 'n genoteerde maatskappy beskik. Vir doeleindes van die dokument word egter nie spesifiek na die uitsondering gekyk nie.

<sup>115</sup> Huxham, K. & Haupt, P. 2011. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. Dertigste uitgawe. Roggebaai: H & H Publications., op bladsy 541

<sup>116</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 473

<sup>117</sup> Artikel 42(1)(a)(i)

- in die geval van 'n bate wat as handelvoorraad gehou word, die bedrag wat ten opsigte van daardie bate ingevolge artikel 11(a) of 22(1) of (2) in ag geneem is,<sup>118</sup>

aan 'n maatskappy wat 'n inwoner is, in ruil vir ekwiteitsaandele van daardie maatskappy en daardie persoon –

- aan die einde van die dag waarop daardie bate oor beskik is, 'n kwalifiserende belang in daardie maatskappy hou;<sup>119</sup> of
  - 'n natuurlike persoon is wat op 'n voltydse basis betrokke sal wees in die besigheid van daardie maatskappy om 'n diens te lewer;<sup>120</sup> en
- wat tot gevolg het dat daardie maatskappy daardie bate vanaf daardie persoon verkry –
    - as handelvoorraad, waar daardie persoon dit as handelvoorraad hou;<sup>121</sup>
    - as 'n kapitaalbate, waar daardie persoon dit as 'n kapitaalbate hou;<sup>122</sup> of
    - as handelvoorraad, waar daardie persoon dit as 'n kapitaalbate hou en die maatskappy en die persoon nie deel van dieselfde groep van maatskappye vorm nie:<sup>123</sup>

Die vereiste dat die maatskappy wat die bate verkry dit vir dieselfde doel moet verkry as wat dit deur die persoon wat oor die bate beskik het, gehou is, is nie van toepassing indien die bate waarvoor beskik word 'n ekwiteitsaandeel in 'n genoteerde maatskappy of 'n portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema in sekuriteite is, indien die maatskappy wat die bate verkry na die verkryging:

- ten minste 35% van die ekwiteitsaandele van die genoteerde maatskappy of portefeulje hou, of

---

<sup>118</sup> Artikel 42(1)(a)(ii)

<sup>119</sup> Artikel 42(1)(a)(ii)(aa)

<sup>120</sup> Artikel 42(1)(a)(ii)(bb)

<sup>121</sup> Artikel 42(1)(b)(i)

<sup>122</sup> Artikel 42(1)(b)(ii)

<sup>123</sup> Artikel 42(1)(b)(iii)

- ten minste 25% van die ekwiteitsaandele van die genoteerde maatskappy of portefeulje hou indien geen ander persoon buiten die maatskappy 'n gelyke of groter belang in die genoteerde maatskappy of portefeulje het nie.

Die maatskappy wat die bate verkry, moet hierdie belang in die genoteerde maatskappy of portefeulje na bogenoemde transaksie hou (of saam met enige ander bate-vir-aandeeltransaksie wat op dieselfde voorwaardes as die bogenoemde transaksie en binne 'n tydperk van 90 dae na bogenoemde transaksie gesluit is).<sup>124</sup>

### 3.3.2 Toepassingsveld en wisselwerking van artikel 42 en artikel 24B

Die begrip *bate* word vir doeleindes van artikels 41 tot 47 in artikel 41(1) omskryf as insluitend enige eiendom van welke aard ook al, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, uitgesluit enige valuta, maar insluitend enige munt wat hoofsaaklik van goud of platinum gemaak is. 'n *Bate* sluit ook enige reg of belang, van welke aard ook al, tot of in sodanige eiendom in.<sup>125</sup>

'n *Bate*, vir doeleindes van artikels 42, word verder beperk deurdat 'n handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde spesifiek uitgesluit word.<sup>126</sup> Gegewe die definisie van *bate* is dit egter duidelik dat artikel 42 ook van toepassing kan wees waar 'n persoon oor 'n aandeel beskik aan 'n maatskappy.<sup>127</sup>

Met die eerste oogopslag wil dit dus voorkom asof artikel 42 ook voorsiening maak vir 'n transaksie waar 'n maatskappy aandele sou uitreik aan 'n ander maatskappy en dat die zero-onkostereël van artikel 24B(2) voorkom sou word. Die antwoord hierop lê egter opgesluit in die definisie van *beskik*. *Beskik* word in artikel 41(1) gedefinieer met verwysing na paragraaf 1 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet wat op sy beurt weer verwys na paragraaf 11 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet. Ingevolge paragraaf 11(2)(b) is daar egter geen beskikking oor 'n *bate* deur 'n maatskappy ten opsigte van die uitreiking of kansellering van 'n aandeel of ledebelang in die maatskappy nie. In

<sup>124</sup> Proviso tot artikel 42(1)(b) en Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 476

<sup>125</sup> Sien die definisie van *bate* in artikel 41(1) wat verwys na die definisie van *bate* in paragraaf 1 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet

<sup>126</sup> Artikel 42(1)(a)

<sup>127</sup> Sien die definisie van *bate* in artikel 41(1) gelees saam met artikel 41(1)

die lig hiervan doen die skrywer aan die hand dat artikel 42 nie van toepassing is by die kruisuitreiking van aandele nie.<sup>128</sup>

Artikel 42 is outomaties op 'n transaksie van toepassing wat aan die vereistes daarvan voldoen, tensy die persoon en die maatskappy skriftelik ooreenkom dat die artikel nie van toepassing is nie.<sup>129</sup>

Artikel 41(2) bepaal verder dat die bepaling van deel III van hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet (dit wil sê, artikels 41 tot 47) toegepas moet word ten opsigte van 'n bate-vir-aandeeltransaksie ondanks enige andersluidende bepaling in die Inkomstebelastingwet, behalwe artikel 24B(2).<sup>130</sup>

Ondanks die feit dat kruisuitreiking nie binne die bestek van artikel 42 val nie, as gevolg van die definisie van *beskik* (sien bespreking hierbo), bepaal artikel 41(2) ook dat die zero-onkostereël van artikel 24B(2) nie deur die bepalings van oorrolverligting ter syde gestel word nie.<sup>131</sup>

Die wisselwerking van artikel 42 en 24B kan dus as volg opgesom word:

<b>Transaksie</b>	<b>Artikel 42<sup>132</sup></b>	<b>Artikel 24B</b>
Beskik oor bate (uitgesluit handelsbeperking en persoonlike klandisiewaarde) in ruil vir ekwiteitsaandele	Artikel 42 is outomaties van toepassing tensy die partye skriftelik ooreenkom dat dit nie van toepassing is nie	Artikel 24B is slegs van toepassing as partye ooreenkom dat artikel 42 nie van toepassing is nie
Beskik oor handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde in ruil vir ekwiteitsaandele	Artikel 42 is nie van toepassing nie aangesien handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde spesifiek uitgesluit word	Artikel 24B is van toepassing

<sup>128</sup> Sien die definisie van *beskik* in artikel 41(1) gelees saam met pragraaf 11(2)(b) van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet

<sup>129</sup> Artikel 42(8A)

<sup>130</sup> Artikel 42(2)

<sup>131</sup> Artikel 41(2)

<sup>132</sup> Vir doeleindes van die tabel word aanvaar dat daar aan die ander vereistes van artikel 42 voldoen word

Gewone aandele word uitgereik in ruil vir ekwiteitsaandele	Artikel 42 is nie van toepassing nie aangesien daar nie 'n <i>beskikking</i> is nie en artikel 24B(2) van toepassing is	Artikel 24B(2) is van toepassing
Voorkeuraandele word uitgereik in ruil vir ekwiteitsaandele	Artikel 42 is nie van toepassing nie aangesien daar nie 'n <i>beskikking</i> is nie	Artikel 24B(2) is van toepassing tensy artikel 24B(2A) se vereistes nagekom word
Beskik oor bate in ruil vir ekwiteitsaandele en daar is 'n opeenvolgende beskikking binne 18 maande aan 'n beheerde groepsmaatskappy vir ekwiteitsaandele	Artikel 42 mag outomaties van toepassing wees op beide transaksies, tensy die partye skriftelik ooreenkom dat dit nie van toepassing is nie	Artikel 24B(2C) is slegs van toepassing as partye ooreenkom dat artikel 42 nie van toepassing is nie

### 3.4 Gevolgtrekking

Die SAID is van mening dat die uitreik van aandele nie onkoste werklik aangegaan daarstel nie.<sup>133</sup> Nasionale Tesourie erken egter dat 'n beperking op die skep van 'n basiskoste vir bates wat gefinansier is deur die uitreik van aandele die vorming van maatskappye en ander vorme van finansiering deur middel van aandele verhoog.<sup>134</sup> Hierdie probleem word grootliks aangespreek in die huidige Inkomstebelastingwet deur middel van die werking van artikel 24B en artikel 42.

Die zero-onkostereël van artikel 24B(2) verseker steeds, behalwe vir die spesifieke gevalle van artikel 24B(2A) en 24B(2C), dat daar by kruisuitreikings geen basiskoste is by die uitreik van aandele nie. Artikel 24B is in sy geheel slegs van toepassing op 'n *bate* soos gedefinieer in paragraaf 1 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet. Die bates waarop artikel 42 van toepassing

<sup>133</sup> SARS: *Draft Interpretation Note No ???*, vrygestel op 16 Maart 2004, nooit finaal uitgereik, op bladsy 3

<sup>134</sup> SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004 op bladsy 56

kan wees, word nog verder beperk deurdat 'n handelsbeperking en persoonlike klandisiewaarde spesifiek by artikel 42 uitgesluit word.<sup>135</sup>

Die uitreik van aandele as vergoeding vir dienste gelewer val dus steeds buite die bestek van artikel 24B en artikel 42. Dit is daarom na die skrywer se mening noodsaaklik om te verwys na die betekenis van die woorde *onkoste werklik aangegaan* ten einde vas te stel of die uitreik van aandele deur 'n maatskappy onkoste werklik aangegaan is vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet. Die betekenis van die woorde *onkoste werklik aangaan* word vervolgens oorweeg in die volgende hoofstuk.

---000---

---

<sup>135</sup> Artikel 42(1)(a)



## 4 HOOFSTUK 4: DIE BETEKENIS VAN DIE BEGRIP *ONKOSTE WERKLIK AANGEGAAN* EN DIE GEBRUIK DAARVAN IN DIE INKOMSTEBELASTINGWET

### 4.1 Inleiding

Talle aftrekkings word toegelaat ingevolge die sogenaamde algemene aftrekkingsformule wat uit artikel 11(a) en artikel 23(g) bestaan.<sup>136</sup> Artikel 11 bepaal as volg:

*By die vasstelling van die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van 'n bedryf, word daar as aftrekkings van so 'n persoon se aldus verkreë inkomste toegelaat –*

*(a) onkoste en verliese werklik aangegaan of gely by die voortbrenging van die inkomste, mits sodanige onkoste en verliese nie van kapitale aard is nie;...*<sup>137</sup> (eie beklemtoning)

Verskeie ander artikels in die Inkomstebelastingwet wat handel oor aftrekkings maak ook gebruik van die woorde *onkoste werklik aangegaan*. Paragraaf 20 van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet wat die basiskoste van 'n bate vir kapitaalwinstbelastingdoeleindes omskryf, bepaal byvoorbeeld as volg:

*Ondanks artikel 23(b) en (f), maar behoudens paragrawe 24, 25, en 32 en subparagrawe (2) en (3), is die basiskoste van 'n bate verkry deur 'n persoon die som van –*

*a) Die onkoste werklik aangegaan ten opsigte van die koste van verkryging of skepping van daardie bate ...*<sup>138</sup> (eie beklemtoning)

Daar word aan die hand gedoen dat die woorde *onkoste werklik aangegaan* die basis vorm van die meerderheid aftrekkings in die Inkomstebelastingwet.

In gevalle waar 'n maatskappy dus aandele uitreik ten einde 'n uitgawe aan te gaan of 'n bate te bekom, en nóg artikel 24B nóg artikel 42 is van toepassing,

<sup>136</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 116

<sup>137</sup> Artikel 11(a)

<sup>138</sup> Paragraaf 20(a) van die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet

moet die betekenis van die woord *onkoste* oorweeg word as vertrekpunt by die beoordeling van aftrekbaarheid.

#### 4.2 Gewone betekenis van *onkoste*

Die *Oxford Dictionary of English* verskaf die volgende betekenis vir *expenditure*:

‘the action of spending funds’; ‘an amount of money spent’; ‘the use of energy, time, or other resources’<sup>139</sup> (eie beklemtoning)

Die *Black’s Law Dictionary* verskaf die volgende betekenis vir *expenditure*:

‘the act or process of paying out’; ‘disbursement’; ‘a sum paid out’<sup>140</sup> (eie beklemtoning)

Die *HAT* verskaf die volgende betekenis vir *onkoste*:

‘geld vir iets betaal’; ‘uitgawe’; ‘koste’<sup>141</sup> (eie beklemtoning)

As die bogenoemde betekenis vergelyk word, is dit na die skrywer se mening duidelik dat die gewone betekenis van *onkoste* noodwendig die volgende eienskappe bevat:

- dit is die handeling, daad of proses van uitgee of betaling; en
- dit is die uitgee of betaling van ’n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne.

Waarnemende regterpresident Harms maak verder die volgende opmerking in die appèlhofuitspraak van *CSARS v Labat Africa Ltd*<sup>142</sup> in dié verband:

...In the context of the [Income Tax] Act it would also include the disbursement of other assets with a monetary value...<sup>143</sup>

<sup>139</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press, op bladsy 609

<sup>140</sup> Garner, BA., Jackson, T. & Newman, J. 2004. *Black’s Law Dictionary*. Agtste uitgawe. Thomson West., op bladsy 617

<sup>141</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 793

<sup>142</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>143</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 5 tot 6

In *ITC 1783*<sup>144</sup> moes die hof oorweeg of die belastingpligtige met die uitreik van aandele onkoste aangaan vir doeleindes van artikel 11(a) of 11(gA) van die Inkomstebelastingwet.<sup>145</sup> In sy uitspraak bevind regter Goldblatt as volg:

*'Expenditure' in its ordinary dictionary meaning is the spending of money or its equivalent, e.g. time or labour and a resultant diminution of the assets of the person incurring such expenditure. An allotment or issuing of shares by a company does not in any way reduce the assets of the company although it may reduce the value of the shares held by its shareholders. In these circumstances such issue or allotment of shares does not, in our view, constitute expenditure by the company.*<sup>146</sup> (eie beklemtoning)

Volgens Brincker<sup>147</sup> is die rede waarom die uitreik van aandele nie gesien kan word as onkoste werklik aangegaan deur die maatskappy nie die feit dat die uitreik van aandele die maatskappy niks kos nie. Dit is in werklikheid die ander aandeelhouders wat potensieel benadeel word by die uitreik van nog aandele deur 'n maatskappy ten einde te betaal vir uitgawes.<sup>148</sup>

### 4.3 Internasionale regspraak

Die uitspraak van regter Goldblatt in *ITC 1783*<sup>149</sup> is egter deur verskeie skrywers gekritiseer. Ger<sup>150</sup> argumenteer dat 'n maatskappy wel onkoste werklik aangaan wanneer hy aandele uitreik in ruil vir dienste bekom.

Die feit dat die maatskappy verkies om die verpligting te vereffen deur middel van die uitreik van aandele moet nie die werklikheid beïnvloed nie.<sup>151</sup> Ger wend hom dan ook tot 'n aantal hofsake in Engeland wat na sy mening gesag verskaf vir die stelling dat die uitreik van aandele deur 'n maatskappy onkoste uitmaak.

---

<sup>144</sup> 66 SATC 373

<sup>145</sup> *ITC 1783* 66 SATC 373 op bladsy 376

<sup>146</sup> *ITC 1783* 66 SATC 373 op bladsy 376

<sup>147</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis.

<sup>148</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-3.

<sup>149</sup> 66 SATC 373

<sup>150</sup> Ger, B. 2004. The problem of paying with shares. *De Rebus*. September 2004

<sup>151</sup> Ger, B. 2004. The problem of paying with shares. *De Rebus*. September 2004, op bladsy 61 tot 62

#### 4.3.1 *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*

In *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>152</sup> het 'n maatskappy handelsvoorraad verkry en daarvoor betaal deur aandele uit te reik. Die Engelse Inkomstediens het in dié geval aangevoer dat die volopbetaalde aandele wat uitgereik is die maatskappy niks gekos het nie. Lord Greene MR se uitspraak het die basis gevorm van die Engelse gesag in die verband. Die volgende opmerking van Lord Greene MR op bladsy 637 is van belang:

*...A company, therefore, when, in pursuance of such a transaction, it agrees to credit the shares as fully paid, is giving up what it would otherwise have had—namely, the right to call on the allottee for payment of the par value in cash. A company cannot issue £1,000 nominal worth of shares for stock of the market value of £500, since shares cannot be issued at a discount. Accordingly, when fully-paid shares are properly issued for a consideration other than cash, the consideration moving from the company must be at the least equal in value to the par value of the shares and must be based on an honest estimate by the directors of the value of the assets acquired.*<sup>153</sup> (eie beklemtoning)

Lord Greene MR bevind dus in sy uitspraak dat wanneer 'n maatskappy instem om aandele as volopbetaalde aandele te erken, die maatskappy sy reg op 'n betaling van die pariwaarde van die aandele in kontant opgee. Hy bevind ook verder dat die vergoeding wat beweeg van die maatskappy af ten minste gelyk moet wees aan die pariwaarde van die aandele.

#### 4.3.2 *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*

Dieselfde benadering as in *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>154</sup> is gevolg in *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*.<sup>155</sup> In hierdie geval het die belastingpligtige bates verkry. Die belastingpligtige het aandele teen nominale waarde uitgereik as vergoeding vir die bates. Die Inkomstediens in Engeland het aangevoer dat by die vasstelling van die maatskappy se wins vir belastingdoeleindes die koste van die bates nie gelyk kan wees aan die nominale waarde van die aandele wat uitgereik is nie. Lord Greene MR het dié argument van die bogenoemde Inkomstediens van die hand gewys en die volgende gesê:

<sup>152</sup> [1942] 1 ALL ER 634

<sup>153</sup> *Osborne v Steel Barrel Co Ltd* [1942] 1 ALL ER 634 op bladsy 637

<sup>154</sup> [1942] 1 ALL ER 634

<sup>155</sup> [1944] 1 ALL ER 566

*What, then, was the substance of the transaction under which the respondents acquired these investments? First of all, they acquired them by virtue of a contract of sale and purchase the validity of which, as importing legal rights and obligations between the parties to it, cannot be impugned... The contract is described in cl 1 as a contract of sale and purchase. It is a contract under which the respondents acquired the investments in consideration of their undertaking to the [seller]...to issue the fully-paid shares...and it seems to me quite impossible to accept the view upon which Mr Stamp's whole argument was based that they must be taken as having acquired the investments in a manner which was not in law contractual and for no consideration at all.*<sup>156</sup>

Lord Greene MR maak dit gevolglik duidelik in sy uitspraak dat daar wel 'n koopkontrak tussen die inskrywer en die maatskappy bestaan waar die inskrywer onderneem het om beleggings te verkoop en die maatskappy onderneem om as teenprestasie aandele aan die inskrywer uit te reik. In die Suid-Afrikaanse appèlhofsaak van *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>157</sup> het die belastingpligtige ook aangevoer dat die ooreenkoms tussen die partye 'n verkoopsooreenkoms was aangesien geldwaarde op die aandele geplaas is. Die hof het egter bevind dat dit nie 'n verkoopsooreenkoms was nie. Dié uitspraak word in meer besonderhede in die gedeeltes hieronder bespreek.

Die uitspraak in *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*<sup>158</sup> is ook later bekragtig deur die 'House of Lords' in *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*.<sup>159</sup>

#### **4.3.3 *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd***

In 1982 verwys die 'House of Lords' in sy uitspraak in *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd*<sup>160</sup> met goedkeuring na Lord Greene MR se uitsprake in *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>161</sup> en *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*<sup>162</sup>

<sup>156</sup> *Craddock v Zevo Finance Co Ltd* [1944] 1 ALL ER 566 op bladsy 571

<sup>157</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>158</sup> [1944] 1 ALL ER 566.

<sup>159</sup> *Craddock v Zevo Finance Co Ltd* 27 TC 267 (HL) op bladsy 287 en 289

<sup>160</sup> [1982] 2 All ER 942

<sup>161</sup> [1942] 1 ALL ER 634

<sup>162</sup> [1944] 1 ALL ER 566.

In *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd*<sup>163</sup> moes die 'House of Lords' oorweeg of die uitreik van aandele deur 'n maatskappy *vergoeding gegee is deur* die maatskappy vir die verkryging van 'n bate, en indien dit is, ook wat die *bedrag of waarde* van sodanige vergoeding is. Dit was nodig ten einde die belastingpligtige se aanspreeklikheid vir kapitaalwinsbelasting te bepaal. Die toepaslike Engelse wetgewing het as volg bepaal:

*...the sums allowable as a deduction from the consideration in the computation under this Schedule of the gain accruing to a person on the disposal of an asset shall be restricted to –*

*(a) the amount of value of the consideration, in money or money's worth, given by him or on his behalf...for the acquisition of the asset...*<sup>164</sup>  
(eie beklemtoning)

Die ooreenkoms ingevolge waarvan die bate aangekoop is, het as volg bepaal:

*[Eagle Star] will sell and [the taxpayer company] will purchase [the asset] at the price of...£3,937,962...to be satisfied by the allotment by [the taxpayer company] to [Eagle Star] of...2,461,226...Ordinary Shares of twenty-five pence each in [the taxpayer company] the issue price of each such Share for the purpose of satisfying the consideration being...160p...The said Ordinary Shares in [the taxpayer company] when issued will be credited as fully paid up...*<sup>165</sup>

Daar is dus ooreengekom deur die partye dat die belastingpligtige die koopprys ten opsigte van die bate sal vereffen deur aandele uit te reik aan die verkoper vir 'n totale uitreikingsprys gelyk aan die koopprys.

In die 'House of Lords' se oorweging van die aangeleentheid verwys dit na *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>166</sup> en meld die volgende:

*In Osborne a new company had acquired stock in trade for a consideration consisting partly of cash and partly of shares which it*

---

<sup>163</sup> [1982] 2 All ER 942

<sup>164</sup> *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 All ER 942 op bladsy 945

<sup>165</sup> *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942 op bladsy 944

<sup>166</sup> [1942] 1 ALL ER 634

*issued as fully paid. The Crown's contention was that the shares had cost the company nothing and that the stock should be entered in its books simply at the amount of cash paid for it. It is perhaps not surprising that that contention failed.*<sup>167</sup> (eie beklemtoning)

Die 'House of Lords' bevind dat die uitspraak in *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>168</sup> die belastingpligtige ondersteun en merk as volg op:

*...it supports the contention of the taxpayer company that the value must be based on an honest estimate by the directors of the value of the assets acquired, which in this case was £3.9m...*<sup>169</sup>

Die 'House of Lords' haal dan ook die volgende toepaslike stellings wat gemaak is in *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*<sup>170</sup> en *Osborne Co v Steel Barrel Co Ltd*<sup>171</sup> met goedkeuring aan:

*From these judgments I extract the following propositions relevant to the present appeal. (1) A company can issue its own shares 'as consideration for the acquisition of property', as Lord Greene MR said. (2) The value of consideration given in the form of fully paid shares allotted by a company is not the value of the shares allotted but, in the case of an honest and straightforward transaction, is the price on which the parties agreed, as Lord Simonds said.*<sup>172</sup>

Gevolgtlik kom die 'House of Lords' in *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd*<sup>173</sup> tot die gevolgtrekking dat die ooreengekome bedrag van £3 937 962 die vergoeding was wat gegee is deur die belastingpligtige vir die verkryging van die bate.

---

<sup>167</sup> *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942 op bladsy 945 tot 946

<sup>168</sup> [1942] 1 ALL ER 634

<sup>169</sup> *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942 op bladsy 946

<sup>170</sup> [1944] 1 ALL ER 566.

<sup>171</sup> [1942] 1 ALL ER 634

<sup>172</sup> *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942 op bladsy 946 tot 947

<sup>173</sup> [1982] 2 All ER 942

#### 4.3.4 Onderskeid tussen die bewoording van die wetgewing in Engeland en Suid-Afrika

Brincker<sup>174</sup> maak egter die belangrike opmerking dat die bewoording van die Engelse wetgewing verskil van die Suid-Afrikaanse ekwivalent. In teenstelling met die verwysing na *onkoste werklike aangegaan* deur 'n maatskappy in die Inkomstebelastingwet, verwys die Engelse wetgewing na *teenprestasie* ('*consideration*') ontvang deur die teenparty. Volgens Brincker<sup>175</sup> is dit duidelik dat die teenparty, selfs in 'n Suid-Afrikaanse konteks, teenprestasie sou ontvang en dat die ander party 'n geagte toevalling sou hê. Dit beteken egter nie dat die maatskappy onkoste aangegaan het deur dit te doen nie.<sup>176</sup>

Die *Oxford Dictionary of English* verskaf die volgende betekenis vir die woord '*consideration*':

'a payment or reward'; 'Law (in a contractual agreement) anything given or promised or forborne by one party in exchange for the promise or undertaking of another'<sup>177</sup> (eie beklemtoning)

Indien die regsbetekenis wat aan die woord '*consideration*' gegee word in die *Oxford Dictionary of English*<sup>178</sup>, vergelyk word met die regsbetekenis van *onkoste* in *Black's Law Dictionary*<sup>179</sup> (sien 4.2) is dit duidelik dat die woorde nie sinonieme van mekaar is nie.

Terwyl die woord *onkoste* verwys na die handeling van *uitgee* of *betaling*, verwys '*consideration*' na enigiets wat gegee word deur een party aan 'n ander party in ruil vir 'n onderneming deur die ander party.

---

<sup>174</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-4

<sup>175</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-4

<sup>176</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-3

<sup>177</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press, op bladsy 369

<sup>178</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press.

<sup>179</sup> Garner, BA., Jackson, T. & Newman, J. 2004. *Black's Law Dictionary*. Agtste uitgawe. Thomson West.



Die *HAT* verskaf die volgende betekenis vir die woord *teenprestasie*:

‘Prestasie teenoor dié van iemand anders’; ‘iets wat gedoen word as vergoeding (of soms ook vergelding) vir wat ’n ander vir jou gedoen het’; ‘kontraprestasie’; ‘quid pro quo’<sup>180</sup>

Selfs in ’n Afrikaanse konteks is dit ook duidelik dat die woord *onkoste*, dit wil sê om geld vir iets te betaal, ’n uitgawe of koste,<sup>181</sup> en *teenprestasie* nie dieselfde betekenis het nie.

In die appèlhofuitspraak in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>182</sup> bevestig die hof dat die Engelse beslissing<sup>183</sup> wel die betekenis van ‘*consideration*’ toelig, maar dat die hofsake geensins die betekenis van *onkoste* oorweeg het nie en daarom nie relevant is nie.<sup>184</sup> Gevolglik is dit noodsaaklik om ondersoek in te stel na die standpunt van die Suid-Afrikaanse hof in die verband.

#### 4.4 Suid-Afrikaanse regspraak

##### 4.4.1 ITC 1801

In *ITC 1801*<sup>185</sup> (*Belastinghofsake van CSARS v Labat Africa Limited*) het die belastingpligtige die reg op ’n handelsmerk verkry en gewone aandele uitgereik aan die verkoper ter vereffening van die koopsom. Die hof het bevind dat die uitreik van gewone aandele met ’n waarde gelyk aan die waarde van die handelsmerk beteken dat die belastingpligtige *onkoste* werklik aangegaan het in die verkryging van die handelsmerk.<sup>186</sup> In die uitspraak sê die hof die volgende met verwysing na regter Goldblatt se beslissing in *ITC1783*<sup>187</sup>:

*The decision in [ITC1783] is in our view, with respect, clearly wrong and not a reflection of the law. Tax issues should not unnecessarily*

<sup>180</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 1166

<sup>181</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 793

<sup>182</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>183</sup> *Osborne v Steel Barrel Co Ltd* [1942] 1 ALL ER 634., *Craddock v Zevo Finance Co Ltd* [1944] 1 ALL ER 566, *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942.

<sup>184</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 5

<sup>185</sup> 68 SATC 57

<sup>186</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 3

<sup>187</sup> 66 SATC 373

*complicate or frustrate ordinary commercial transactions.*<sup>188</sup> (eie beklemtoning)

Die belastinghof het met goedkeuring in sy uitspraak verwys na die volgende kritiek van Meyerowitz<sup>189</sup> teenoor die uitspraak van regter Goldblatt in *ITC1783*<sup>190</sup> wat gegrond is op die volgende beginsels van die Maatskappywet:

*Section 82 of that Act directs that no company shall issue shares having no par value of a class of shares already issued and at a price lower than an amount derived at by dividing that part of the stated capital contributed by already issued shares of that class...*

*Section 81 does not permit the issue of par value shares at a discount except under certain conditions.*

*Section 92 prohibits the allotment or issue of shares unless the full purchase price of or other consideration for the shares has been paid to or received by the company.*

*These provisions require that a company must obtain a quid pro quo in cash or other valuable consideration, not less, except in special circumstances, than the nominal value of the shares to be issued. It is therefore arguable that where in place of cash, the consideration received by a company are assets or services rendered, the company has by set off expended an amount equal to at least the nominal value of the shares.*

*It is therefore, with respect, of little or no relevance to analyse the nature of a share. It cannot be issued without payment to the company in cash or kind.*<sup>191</sup>

Die appèlhof in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>192</sup> bevind egter dat die vereistes vervat in die Maatskappywet van geen hulp is wanneer die bewoording in artikel 11 van die Inkomstebelastingwet geïnterpreteer moet word nie.<sup>193</sup>

---

<sup>188</sup> *ITC 1801 68 SATC 57* op bladsy 66

<sup>189</sup> Meyerowitz, D. 2004. Paying for goods en services by issuing shares. *The Taxpayer*. : 87 – 89.

<sup>190</sup> 66 SATC 373

<sup>191</sup> *ITC 1801 68 SATC 57* op bladsy 66

<sup>192</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>193</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 7

In die uitspraak in *ITC1801*<sup>194</sup> het die belastinghof sy beslissing op twee hoofredes gegrond. In die eerste plek het die hof met goedkeuring verwys na die Engelse beslissings in *Osborne v Steel Barrel Co Ltd*<sup>195</sup>, *Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd*<sup>196</sup> en *Craddock v Zevo Finance Co Ltd*.<sup>197</sup> In die tweede plek het die hof gesteun op Suid-Afrikaanse regspraak.

#### 4.4.2 *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR*

Die uitdrukking *onkoste werklik aangegaan* vereis nie dat die onkoste werklik betaal moet wees nie. In *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR*<sup>198</sup> is bevind dat:

*The expression 'expenditure actually incurred' in s 11(a) does not mean expenditure actually paid during the year of assessment, but means all expenditure for which a liability has been incurred during the year, whether the liability has been discharged during that year or not.*<sup>199</sup> (eie beklemtoning)

Die onkoste word dus werklik aangegaan in die belastingjaar wat die verpligting aangegaan word en nie die jaar waarin dit vereffen word nie (indien dit in 'n latere jaar vereffen sou word).<sup>200</sup>

#### 4.4.3 *CIR v Edgars Stores Ltd*

Indien daar nie 'n uitdruklike en absolute verpligting is om 'n bedrag te betaal nie, is 'n onkoste nie 'werklik aangegaan' nie.<sup>201</sup> Regter Ackerman het die beginsel in sy uitspraak in *CIR v Edgars Stores Ltd*<sup>202</sup> duidelik opgesom:

*Another well-established principle, not challenged in this appeal, is that a distinction must be drawn between:*

*a) the case where the existence of the liability itself is conditional and dependent upon the happening of an event after the tax year in*

---

<sup>194</sup> 68 SATC 57

<sup>195</sup> [1942] 1 ALL ER 634.

<sup>196</sup> [1982] 2 ALL ER 942.

<sup>197</sup> [1944] 1 ALL ER 566.

<sup>198</sup> 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1

<sup>199</sup> *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR* 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1 op bladsy 12. Met goedkeuring na verwys in *CIR v Golden Dumps (Pty) Ltd* 1993 (4) SA 110 (A), 55 SATC 198

<sup>200</sup> *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR* 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1 op bladsy 12

<sup>201</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K.

2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 118

<sup>202</sup> 1986 (4) SA 312 (T), 48 SATC 89

question, in which event the liability is not incurred in the tax year in question; and

- b) the case where the existence of the liability is certain and established within the tax year in question, but the amount of the liability cannot be accurately determined at the tax year-end, in which event the liability is nevertheless regarded as having been incurred in the tax year in question.

As far as case (a) above is concerned *Silke on South African Income Tax* 10 ed 313 states that:

*'If there is no definite and absolute liability during the year of assessment to pay an amount, expenditure has not been 'actually incurred'. Thus estimates of contingent liabilities are not expenditure 'actually incurred'.*<sup>203</sup> (eie beklemtoning)

Dit is 'n algemene beginsel dat 'n belastingpligtige geregtig is op 'n aftrekking alhoewel die bedrag wat hy mag aftrek onderhewig mag wees aan 'n mate van onsekerheid.<sup>204</sup> Die bedrag moet dus in sodanige omstandighede geraam word met verwysing na beskikbare inligting en in die betrokke jaar geëis word waarin die belastingpligtige geregtig is op die aftrekking.<sup>205</sup>

#### 4.4.4 CSARS v Labat Africa Limited

In *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>206</sup> bevestig die appèlhof dat hy saamstem met die beginsels wat neergelê is in bostaande hofsake, maar dat die hofsake nie gehandel het met die betekenis van *onkoste* nie.<sup>207</sup> In dié verband verwys hy spesifiek na die volgende stelling in *Edgars Stores Ltd v CIR*<sup>208</sup>:

*The issue concerns merely the timing of the deductions, that is, the proper tax-years in which they are to be made...The qualifying word 'actually' does not add anything to the plain and ordinary meaning of 'incurred'. Expenditure is either incurred or it is not incurred. If it is, it is*

<sup>203</sup> *CIR v Edgars Stores Ltd* 1986 (4) SA 312 (T), 48 SATC 89 op bladsy 94

<sup>204</sup> Vorster, H. 1985. Unquantified and defeasible expenses incurred in the production of income. *South African Tax Journal*. 1, op bladsy 11.

<sup>205</sup> Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis., op bladsy 118

<sup>206</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>207</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 4

<sup>208</sup> *Edgars Stores Ltd v CIR* 1988 (3) SA 876 (A), 50 SATC 81 op bladsy 84. Gebaseer op die uitspraak in *Nasionale Pers Bpk v KBI* 1986 (3) SA 549 (A), 48 SATC 55.

*also 'actually incurred'. Once it is accepted that expenditure is incurred when liability for its payment is incurred, then it follows that it matters not when that liability becomes due and payable.*<sup>209</sup>

Die appèlhof maak die belangrike verdere opmerking dat die woorde 'obligation' of 'liability' en 'expenditure' nie sinonieme van mekaar is nie.<sup>210</sup>

Die *Oxford Dictionary of English* verskaf die volgende betekenisse vir die woorde:

*obligation*: 'an act or course of action to which a person is morally bound; a duty of commitment'<sup>211</sup>; en

*liability*: 'the state of being legally responsible for something', 'a thing for which someone is responsible, especially an amount of money owed'<sup>212</sup>  
(eie beklemtoning)

Na aanleiding van bogenoemde betekenisse en die ontleding van die gewone betekenis van die woord *onkoste* in 4.2 hierbo is dit duidelik dat die woorde inderdaad nie dieselfde betekenisse het nie.

In die lig van bogenoemde word aan die hand gedoen dat, alhoewel 'n belastingpligtige se onderneming om aandele uit te reik 'n verpligting (dit wil sê, 'obligation') daarstel, dit nie beteken dat die belastingpligtige 'n *onkoste* gehad het nie.<sup>213</sup> Die onderskeid tussen die woorde 'obligation' of 'liability' en 'expenditure' is ook duidelik uit die volgende opmerking van appèlregter Botha in die *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR*<sup>214</sup> uitspraak:

*The expression 'expenditure actually incurred' in s 11(a) does not mean expenditure actually paid during the year of assessment, but means all expenditure for which a liability has been incurred during the year,*

<sup>209</sup> *Edgars Stores Ltd v CIR* 1988 (3) SA 876 (A), 50 SATC 81 op bladsy 84

<sup>210</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 4

<sup>211</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press., op bladsy 1213

<sup>212</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press., op bladsy 1008

<sup>213</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 4

<sup>214</sup> 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1

*whether the liability has been discharged during that year or not.*<sup>215</sup> (eie beklemtoning)

Soos reeds in 4.2 hierbo bevind is, bevat die betekenis van die woord *onkoste* die volgende kerneienskappe:

- Dit is die handeling, daad of proses van *uitgee of betaling*.
- Dit is die uitgee of betaling van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne.

In die lig hiervan en na aanleiding van appèlregter Botha se stelling in *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR*<sup>216</sup> word aan die hand gedoen dat die verpligting ('*obligation*') of aanspreeklikheid ('*liability*') deur middel van onkoste (dit wil sê, die handeling of daad van uitgee van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne) vereffen moet word ten einde te kwalifiseer vir 'n aftrekking en dat die tydstip wanneer hierdie beoordeling plaasvind nie relevant is nie.<sup>217</sup>

#### **4.5 Toepassing van die gewone betekenis van *onkoste***

In die lig van bogenoemde ontleding ontstaan die vraag hoe daar bepaal moet word of 'n belastingpligtige *onkoste* het. Regter Goldblatt het sy uitspraak in *ITC1783*<sup>218</sup> aangevoer dat onkoste die uitgee van geld beteken en dat dit gevolglik tot die vermindering van die bates van die persoon lei wat sodanige onkoste aangaan.<sup>219</sup> Hy het dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die uitreik van aandele nie tot 'n vermindering in bates lei nie en daarom nie onkoste werklik aangegaan is nie.

Waarnemende regterpresident Harms bevestig in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>220</sup> dat daar gesag vir regter Goldblatt se bevinding is. Hy is egter van mening dat dit meer korrek sou wees indien regter Goldblatt bevind het dat die uitreik van aandele nie tot 'n verskuiwing of verandering in bates gelei het nie.<sup>221</sup>

<sup>215</sup> *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR* 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1 op bladsy 12. Met goedkeuring na verwys in *CIR v Golden Dumps (Pty) Ltd* 1993 (4) SA 110 (A), 55 SATC 198

<sup>216</sup> 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1

<sup>217</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 4

<sup>218</sup> 66 SATC 373

<sup>219</sup> *ITC 1783* 66 SATC 373 op bladsy 376

<sup>220</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>221</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 4

Die appèlhof vestig vandaar, in sy uitspraak in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>222</sup>, die volgende beginsel in dié verband:

*Expenditure, accordingly, requires a diminution (even if only temporary) or at the very least movement of assets of the person who expends. This does not mean that the taxpayer will, at the end of the day, be poorer because the value of the counter-performance may be the same or even more than the value expended.*<sup>223</sup> (eie beklemtoning)

In *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>224</sup> het die belastingpligtige aangevoer dat die ooreenkoms tussen die partye 'n verkoopsooreenkoms was aangesien geldwaarde op die aandele geplaas is. Die hof het egter bevind dat dit nie 'n verkoopsooreenkoms was nie en het in dié verband na die uitspraak van regter Stratford in *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR*<sup>225</sup> verwys. Regter Stratford het in die saak bevind dat die verwysing na die sogenaamde verkoopprijs en nominale waarde van die aandele in soortgelyke omstandighede nie die ware bedoeling van die partye weerlê nie. Die ware bedoeling van die partye is dat die teenprestasie aandele is en nie geld nie, aangesien geen kontantteenprestasie geëis kon word nie.<sup>226</sup>

Die belastingpligtige in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>227</sup> het verder aangevoer dat ernstige onreëlmatighede sou ontstaan indien die uitreik van aandele nie as onkoste beskou word nie. Die eerste sogenaamde onreëlmatigheid waarna daar verwys is, is dié tussen bruto inkomste en aftrekkings en die feit dat die party wat die aandele ontvang, aanspreeklik sal wees vir belasting terwyl die ander party geen aftrekking kry nie. Die hof het egter na 'n bondige analise van die definisie van *bruto inkomste* die betekenis van *inkomste* en die betekenis van *belasbare inkomste* tot die gevolgtrekking gekom dat *bruto inkomste* nie die teenoorgestelde is van *onkoste* nie.<sup>228</sup>

<sup>222</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157

<sup>223</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 6

<sup>224</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157

<sup>225</sup> *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349.

<sup>226</sup> *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349., op 361

<sup>227</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157

<sup>228</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157, op bladsy 7 tot 8

#### 4.6 Gevolgtrekking

Uit 'n ondersoek na die gewone betekenis van *onkoste* blyk dit, na die skrywer se mening, duidelik dat die volgende elemente die essentialia van die gewone betekenis is:

- Dit is 'n handeling, daad of proses van uitgee of betaling.
- Dit is die uitgee of betaling van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne.

Wanneer 'n maatskappy egter aandele uitreik, word *onkoste* nie werklik aangegaan deur die maatskappy nie aangesien dit die maatskappy niks kos nie. Alhoewel daar 'n aantal hofbeslissings in Engeland is waarin bevind is dat 'n maatskappy wel 'n teenprestasie gee wanneer hy aandele uitreik, verskaf die hofsake geen leiding wat betref die betekenis van die woord *onkoste* in die Suid-Afrikaanse konteks nie. Die rede hiervoor is die feit dat die bewoording van die toepaslike Engelse wetgewing waarop die sake beslis is, nie na die woord *onkoste* ('*expenditure*') verwys nie. Die woorde *vergoeding* of *teenprestasie* en *onkoste* is ook nie sinonieme van mekaar nie.

Alhoewel die ou en nuwe Maatskappywet bepaal dat 'n maatskappy aandele slegs mag uitreik sodra dit 'n teenprestasie ontvang het van die persoon wat inskryf op die aandeelaandele, werp dit geen lig op die betekenis van die woord *onkoste* in die konteks van die Inkomstebelastingwet nie.

Suid-Afrikaanse regspraak maak dit egter duidelik dat die uitdrukking *onkoste werklik aangegaan* nie beteken dat die onkoste werklik betaal moet wees binne die jaar van aanslag ten einde dit aftrekbaar te maak binne daardie spesifieke jaar van aanslag nie. Dit beteken wel dat alle onkoste waarvoor daar gedurende die jaar 'n aanspreeklikheid aangegaan is, ongeag of die aanspreeklikheid gedurende die huidige jaar vereffen is of nie, aftrekbaar is in daardie jaar.

Die woorde *verpligting* of *aanspreeklikheid* en *onkoste* is nie sinonieme van mekaar nie. Daar word aan die hand gedoen dat die *verpligting* of *aanspreeklikheid* deur middel van onkoste (dit wil sê, die handeling of daad van uitgee van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne) vereffen moet word ten einde te kwalifiseer vir 'n aftrekking en dat die tydstop nie relevant is nie.



Die appèlhof bied die volgende interpretasie vir die woord *onkoste*, vir doeleindes van die uitdrukking *onkoste werklik aangegaan*, in *CSARS v Labat Africa Limited*:

*Expenditure, accordingly, requires a diminution (even if only temporary) or at the very least movement of assets of the person who expends. This does not mean that the taxpayer will, at the end of the day, be poorer because the value of the counter-performance may be the same or even more than the value expended.*<sup>229</sup> (eie beklemtoning)

Indien 'n maatskappy dus aandele sou uitreik in ruil vir dienste gelewer aan die maatskappy sal die maatskappy nie geregtig wees op 'n aftrekking nie, aangesien daar geen vermindering of ten minste 'n verskuiwing of verandering van die maatskappy se bates was nie. Die ontvanger van die aandele in die maatskappy mag egter steeds belasbaar wees indien daar aan die vereistes van die definisie van *bruto inkomste* in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet voldoen word.

In hoofstuk 5 word daar oorweging geskenk aan moontlike alternatiewe wat 'n belastingpligtige sou kon gebruik om dié onbillike situasie, dat die maatskappy nie die aftrekking kry nie en die ontvanger van die aandele steeds belas word, aan te spreek.

---000---

---

<sup>229</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 6

## 5 HOOFSTUK 5: VERGELYKING TUSSEN ONKOSTE WERKLIK AANGEGAAN EN DIE EFFEK VAN LATERE BETALING DEUR DIE UITREIK VAN AANDELE

### 5.1 Inleiding

Die verdere vraag wat na aanleiding van die gevolgtrekking in hoofstuk 4 ontstaan, is of die belastinggevolge anders sal wees as die ooreenkoms om aandele uit te reik vir dienste gelewer anders gekonstrueer word. Brincker<sup>230</sup> voer aan dat die volgende twee alternatiewe vir 'n maatskappy beskikbaar is wat tot dieselfde kommersiële gevolge sal lei, naamlik:

- die maatskappy kan kontant betaal aan die diensverskaffer met die uitdruklike ooreenkoms dat die diensverskaffer die opbrengs moet gebruik om in te skryf op aandele in die maatskappy; of
- die maatskappy kan kontant betaal aan die diensverskaffer en dan ooreenkom dat die diensverskaffer 'n keuse het om die kontant te gebruik om in te skryf op aandele of nie.<sup>231</sup>

In die laasgenoemde geval is dit duidelik dat die maatskappy wel 'n onkoste werklik aangaan. Die onsekerheid ontstaan egter by die eerste alternatief waar die ontvanger van die kontant verplig is om in te skryf op aandele. Brincker<sup>232</sup> voer aan dat ons howe twee verskillende benaderings in so 'n geval sou volg. In sekere gevalle waar daar 'n tydsverloop is tussen die ontvangs van die kontant en die inskrywing op aandele, mag dit wees dat die maatskappy onkoste aangegaan het in die vorm van die kontant betaal aan die ontvanger. In ander gevalle het ons howe egter bevind die oorkoepelende doel van die ooreenkoms was bloot om 'n inskrywing op aandele te bewerkstellig en dat nie een van die twee partye ooit van voorneme was om kontant oor te dra nie.<sup>233</sup>

---

<sup>230</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis.

<sup>231</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-5

<sup>232</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis.

<sup>233</sup> Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis., op bladsy P-5

In regter Sapire se hoë hof uitspraak in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>234</sup> maak hy dié opmerking ten opsigte van die ooreenkoms tussen die partye:

*If the agreement for the acquisition of the asset had been that the seller would purchase an agreed number of the unissued shares of the purchaser at an agreed price, and that the proceeds of such sale would be applied to payment of the purchase consideration of the asset, there could be no doubt that the transaction would constitute or involve an expenditure by the company of a portion of its share capital.*

*It is difficult to see any distinction between this construction of the transaction and that provided for in the agreement with which we are concerned.*<sup>235</sup>

In die betooghoofde voorgelê deur die belastingpligtige in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>236</sup> is die volgende analogie aan die hof voorgelê:

*...if during a particular year of assessment ('Tax Year 1') a taxpayer incurs an (unconditional) liability to pay an employee R100 for services which have been rendered to the taxpayer in that year, expenditure of R100 would clearly be incurred by the taxpayer in Tax Year 1. Provided that the expenditure satisfies the other requirements of deductions, the taxpayer would be entitled to a deduction of R100 in Tax Year 1. This is irrespective of the fact that the relevant liability is only to be discharged in a much later year ('Tax Year 20').*

*In the above example, in Tax Year 20, the parties may agree that the taxpayer will discharge its liability by issuing shares to the services provider. It would be absurd and clearly contrary to the fundamental principles referred to earlier if the effect of that agreement ('the Discharge Agreement') is that the taxpayer was in fact not entitled to the deduction of the R100 made in Tax Year 1.*<sup>237</sup>

Waarnemende regterpresident Harms bevind egter in die appèlhofuitspraak van dié saak<sup>238</sup> dat daar geen aanduiding was dat die oorspronklike kontrak

---

<sup>234</sup> 2010 72 SATC 75

<sup>235</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* 2010 72 SATC 75 op bladsy 77 tot 78

<sup>236</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>237</sup> Respondent's Heads of Argument in *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157, bladsy 13 tot 14

<sup>238</sup> [2011] ZASCA 157

gesimuleer was nie en dat die hof dit daarom moet aanvaar soos wat dit is. Hy spreek ook geen mening uit oor die korrektheid van bostaande stelling van regter Sapire nie, maar verwys tog daarna dat die partye vry was om hulle ooreenkoms op 'n meer belastingeffektiewe manier te konstrueer.<sup>239</sup>

Die doel van hierdie hoofstuk is om verdere oorweging te skenk aan die belastinggevolge in 'n geval waar partye later ooreenkom om die skuld te vereffen deur aandele uit te reik. Die omvang van die hoofstuk word dus beperk tot 'n situasie soortgelyk aan die voorbeeld in bostaande betooghoofde. Die skrywer het vir doeleindes van die hoofstuk aanvaar dat geen simulاسie plaasgevind het nie en die gevolge van simulاسie word daarom nie verder oorweeg nie.

## **5.2 Skikking, afstanddoening of kwytskelding van handelskuld – artikel 8(4)(m)**

Artikel 8(4)(m) is van toepassing indien:

- 'n belastingpligtige gedurende enige jaar van aanslag gedeeltelik of ten volle onthef is van die verpligting om *betaling* te maak van enige *onkoste werklik aangegaan* as gevolg van:
  - die kansellاسie, beëindiging of wysiging van 'n ooreenkoms; of
  - as gevolg van die verjaring, afstanddoening of kwytskelding van 'n eis om betaling;<sup>240</sup>
- die onkoste nog nie terugbetaal was toe die skuld onthef is nie;<sup>241</sup> en
- die onkoste of 'n vermindering met betrekking tot die onkoste in die huidige of enige vorige jaar van aanslag as 'n aftrekking van sy inkomste toegelaat is.<sup>242</sup>

Artikel 8(4)(m) is onderhewig aan die vereistes van artikel 20 wat handel met die verrekening van vasgestelde verliese. Ingevolge artikel 20(1)(a)(ii) moet die balans van 'n vasgestelde verlies wat deur die belastingpligtige gely is,

---

<sup>239</sup> CSARS v Labat Africa Limited [2011] ZASCA 157 op bladsy 7

<sup>240</sup> Artikel 8(4)(m)(i)

<sup>241</sup> Artikel 8(4)(m)(ii)

<sup>242</sup> Artikel 8(4)(m)(iii)

verminder word tot die mate wat sy aanspreeklikhede wat hy in die gewone loop van sake aangegaan het, kwytgeskeld word.

Artikel 8(4)(m) is dus nie van toepassing op enige bedrag wat in ag geneem is by die vermindering van die balans van die vasgestelde verlies van 'n belastingpligtige nie.<sup>243</sup> Vir die doel van hierdie dokument word daar egter slegs gefokus op die werking van artikel 8(4)(m).

Artikel 8(4)(m) maak voorsiening vir 'n sogenaamde *skikkingsvoordeel* wat ingesluit moet word as 'n belasbare verhalings by die belasbare inkomste van die belastingpligtige.<sup>244</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat waar die partye na die oorspronklike ooreenkoms in 'n latere jaar ooreenkom dat die maatskappy nie meer kontant hoef te betaal om die verpligting te vereffen nie, maar eerder aandele kan uitreik as betaling van die verpligting, dit as 'n wysiging vir doeleindes van artikel 8(4)(m)(i) gesien sal word.

### 5.3 Betekenis van *onthef* van *betaling*

Die vraag ontstaan egter of die maatskappy as gevolg van die wysiging van die ooreenkoms *onthef* is van die verpligting om *betaling* te maak van enige *onkoste werklik aangegaan*. Ten einde meer sekerheid hieroor te kry moet daar na die gewone regsbetekenis van die woorde *onthef*, *betaling* en *betaal* gekyk word. Die HAT<sup>245</sup> verskaf die volgende betekenis:

*onthef*: 'Vrystelling gee van 'n verpligting'<sup>246</sup> (eie beklemtoning)

*betaling*: 'Handeling van betaal'<sup>247</sup> (eie beklemtoning)

*betaal*: 'Geld of iets anders in ruil gee vir iets'<sup>248</sup> (eie beklemtoning)

<sup>243</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., in paragraaf 4.64B

<sup>244</sup> De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis., in paragraaf 4.64B

<sup>245</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

<sup>246</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 798

<sup>247</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 90

<sup>248</sup> Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., op bladsy 90

Die *Black's Law Dictionary*<sup>249</sup> en die *Oxford Dictionary of English*<sup>250</sup> verskaf die volgende betekenisse:

*payment*: 'Performance of an obligation by the delivery of money or some other valuable thing accepted in partial or full discharge of the obligation', 'The money or other valuable thing so delivered in satisfaction of an obligation.'<sup>251</sup> (eie beklemtoning)

*payment*: 'the action or process of paying someone or something or of being paid'<sup>252</sup> (eie beklemtoning)

*pay*: 'give (someone) money that is due for work done, goods received or a debt incurred'<sup>253</sup>

As die betekenisse wat deur die howe aan die woord 'payment' gegee is, oorweeg word, is die skrywer van mening dat daar 'n nouer, maar ook 'n wyer betekenis is. Sien in dié verband die volgende uittreksels uit verskillende hofsake:

[Payment means] *the discharge of an obligation...* [and therefore] *that there were ... as many kinds of payment as there were of obligations.*<sup>254</sup> (eie beklemtoning, ter bevestiging van die wyer betekenis)

*the word 'payment' has a wide as well as a narrow meaning. ...payment sometimes embraces every dissolving and satisfying of an obligation, since he who has done what he promised to do is said to pay [i.e. the wide meaning]...But payment properly so-called, insofar as it differs from formal release, novation and many other ways of dissolving an obligation, is a physical furnishing of what is due [i.e. the narrow meaning].*<sup>255</sup> (eie beklemtoning)

<sup>249</sup> Garner, BA., Jackson, T. & Newman, J. 2004. *Black's Law Dictionary*. Agtste uitgawe. Thomson West.

<sup>250</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press.

<sup>251</sup> Garner, BA., Jackson, T. & Newman, J. 2004. *Black's Law Dictionary*. Agtste uitgawe. Thomson West., op bladsy 1165

<sup>252</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press, op bladsy 1293

<sup>253</sup> Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press, op bladsy 1292

<sup>254</sup> *Rex v Mohr* [1915] TPD 390 op bladsy 392

<sup>255</sup> *Woudstra v Jekison*, [1968] (1) SA 453 (T) op bladsy 457

*our law recognizes methods of payment which do not involve the actual transfer of money viz, set-off and merger.*<sup>256</sup> (eie beklemtoning)

#### 5.4 Toepassing van artikel 8(4)(m) op die oorspronklike ooreenkoms

Ingevolge die oorspronklike ooreenkoms tussen die partye, het die maatskappy ooreengekom om die diensverskaffer in kontant te betaal. Die maatskappy het dus *onkoste werklik aangegaan* (verwys na die ontleding in hoofstuk 4) en die maatskappy is geregtig op 'n aftrekking. Die tydstip van die aftrekking is die jaar van aanslag waarin die maatskappy 'n onvoorwaardelike verpligting het teenoor die diensverskaffer om die kontant te betaal.<sup>257</sup> Die tydstip van aftrekking is nie gekoppel aan die datum waarop die maatskappy werklik die kontant fisies betaal nie.<sup>258</sup>

Sodra die maatskappy en die diensverskaffer 'n tweede ooreenkoms sluit waarin hulle ooreenkoms dat die maatskappy nie meer kontant aan die diensverskaffer moet betaal nie, maar eerder aandele aan die diensverskaffer moet uitreik, vind daar 'n wysiging van die oorspronklike ooreenkoms plaas vir doeleindes van artikel 8(4)(m).<sup>259</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat die maatskappy vrystelling ontvang wat betref die verpligting om die *kontantbetaling te maak van die onkoste werklik aangegaan* ingevolge die oorspronklike ooreenkoms. Alhoewel die maatskappy ingevolge die nuwe ooreenkoms 'n *nuwe* verpligting het om aandele uit te reik aan die diensverskaffer is die maatskappy vrygestel van die verpligting ingevolge die ou ooreenkoms. In die lig hiervan is artikel 8(4)(m), na die skrywer se mening, van toepassing.

#### 5.5 Skuldvergelyking

Die verdere vraag wat ontstaan is of dit enigsins moontlik is om die verpligting wat die maatskappy ingevolge die oorspronklike ooreenkoms het, deur middel van skuldvergelyking te betaal. Indien dit moontlik is, word aan die hand gedoen dat artikel 8(4)(m) nie van toepassing sal wees nie aangesien betaling dan wel plaasgevind het. Skuldvergelyking is een van die mees ingewikkelde

<sup>256</sup> *ITC 1440 51 SATC 1(Z)* op bladsy 5

<sup>257</sup> *CIR v Edgars Stores Ltd 1986 (4) SA 312 (T)*, 48 SATC 89 op bladsy 94

<sup>258</sup> *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR 1975 (1) SA 665 (A)*, 37 SATC 1 op bladsy 12

<sup>259</sup> Sien artikel 8(4)(m)(i)

gebiede van die verbintenisreg in Suid-Afrika.<sup>260</sup> Ten einde skuldvergelyking in 'n Suid-Afrikaanse konteks toe te pas moet daar aan die volgende basiese vereistes voldoen word:

- Die twee skulde moet tussen dieselfde persone bestaan.<sup>261</sup>
- Die twee skulde moet presies gelyksoortig wees.<sup>262</sup>
- Die vordering wat teen 'n ander in verrekening gebring word, moet opeisbaar wees, en nie by wyse van enige verweer afweerbaar wees nie.<sup>263</sup>
- Ons howe stel die vereiste dat die vordering waarteen skuldvergelyking geopper word, opeisbaar moet wees.<sup>264</sup>
- Die teenvordering wat by wyse van skuldvergelyking teen 'n likiede hoofvordering in verrekening gebring word, moet maklik bewysbaar wees.<sup>265</sup>

Wat gelyksoortigheid van skulde betref, is dit vanselfsprekend dat slegs gelyksoortige dinge teen mekaar verreken kan word. Skuldvergelyking vind meestal plaas by geldskulde, maar is ook moontlik by ander dinge wat net na hulle soort beskryf is, soos presies eenderse aandele, skape, ens.<sup>266</sup> In die huidige geval het ons egter te doen met 'n maatskappy wat sy geldskuld teenoor die diensverskaffer wil delg deur middel van skuldvergelyking. Daar word aan die hand gedoen dat die eis wat die maatskappy teen die diensverskaffer het ten opsigte van die betaling van die vergoeding, ten einde in te skryf op die aandele, nie gelyksoortig is aan die diensverskaffer se eis teen die maatskappy

---

<sup>260</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 272

<sup>261</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths. Sien ook *Ackermans Ltd v Commissioner for South African Revenue Service* 2010 (1) SA (1) SCA 73 SATC 1, op bladsye 5 tot 6

<sup>262</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 276

<sup>263</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 277

<sup>264</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 278

<sup>265</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 279

<sup>266</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 277



nie. In dié verband is die volgende *obiter* opmerking van waarnemende regterpresident Harms in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>267</sup> relevant:

*[The second ground] was a 'set-off' argument propounded on behalf of the taxpayer. How one can set-off shares against money was not explained.*

Soos reeds hierbo genoem, is die teenvordering in die huidige omstandighede die eis wat die maatskappy teen die diensverskaffer het om die vergoeding of uitreikingsprys vir die aandele te betaal. Die hoofvordering is die verpligting wat die maatskappy het om 'n bedrag kontant aan die diensverskaffer te betaal.

In regter Wunsh se uitspraak in *Etkind and Others v Hicor Trading Limited and another*<sup>268</sup> bevind hy, ingevolge artikel 92 van die ou Maatskappywet, dat wat ook al betaal is vir die aandele, in kontant of andersins, ontvang moet word deur die maatskappy voor of op die tydstip wat die aandele uitgereik word.<sup>269</sup> Hy bevind verder dat 'n ooreenkoms wat vereis dat 'n maatskappy bates verkry deur aandele uit te reik voor of sonder dat die maatskappy lewering van die gekoopte bates ontvang, nietig is.<sup>270</sup> Die nuwe Maatskappywet bepaal ook dat as die maatskappy die vergoeding ontvang wat vasgestel is deur die direksie, daardie aandele volopbetaalde aandele is en die maatskappy moet dan die aandele uitreik.<sup>271</sup> Daar word aan die hand gedoen dat daar dus 'n wederkerige ooreenkoms tussen die partye gesluit word wanneer daar op aandele ingeskryf word.

Verbintenisse is wederkerig as hulle oor en weer in ruil vir mekaar geskep word.<sup>272</sup> 'n Kontrak wat wederkerige verbintenisse skep word beheers deur die wederkerigheidsbeginsel, ingevolge waarvan prestasie of die aanbod van prestasie deur 'n eiser 'n vereiste is vir die opeisbaarheid van sy vorderingsreg op teenprestasie.<sup>273</sup> Omgekeerd kan die kontraktant sy eie prestasie weerhou totdat die ander kontraktant presteer. 'n Verweerder is derhalwe bevoeg om sy prestasie te weerhou ten einde teenprestasie te bekom. Hierdie 'reg' om

---

<sup>267</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>268</sup> [1998] JOL1861 (W)

<sup>269</sup> *Etkind and others v Hicor Trading Ltd and another* [1998] JOL1861 (W) op bladsy 39

<sup>270</sup> *Etkind and others v Hicor Trading Ltd and another* [1998] JOL1861 (W) op bladsy 42

<sup>271</sup> Artikel 40(4) van die nuwe Maatskappywet

<sup>272</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 196

<sup>273</sup> Van der Merwe, S., van Huyssteen, LF., Reinecke, MFB. & Lubbe, GF. 2004. *Kontraktereg Algemene Beginsels*. Juta and Company Ltd, op bladsy 383

prestasie te weerhou staan algemeen bekend as die *exceptio non adimpleti contractus*.<sup>274</sup>

Waar die maatskappy die vordering wat hy teen die diensverskaffer uit die wederkerige ooreenkoms het (dit wil sê die ooreenkoms om op die aandele in te skryf), in verrekening wil bring voordat hy self onder die wederkerige ooreenkoms presteer het (dit wil sê, deur die aandele uit te reik), kan sy verrekening afgeweer word deur die diensverskaffer ingevolge *exceptio non adimpleti contractus*.<sup>275</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat daar in die huidige omstandighede, as gevolg van die redes hierbo genoem, nie van skuldvergelyking gebruik gemaak kan word as betaling nie. Dit volg dat die werking van artikel 8(4)(m) nie op hierdie manier vermy kan word nie.

## 5.6 Gevolgtrekking

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 8(4)(m) van toepassing is in gevalle waar partye later ooreenkom dat die skuld wat oorspronklik betaalbaar was in kontant, gedelg mag word deur die uitreik van aandele.

Die effek van artikel 8(4)(m) is dat die maatskappy 'n belasbare verhaling het gelyk aan die bedrag onkoste wat oorspronklik as 'n aftrekking toegestaan is.<sup>276</sup> Daar word aan die hand gedoen dat skuldvergelyking tussen die maatskappy en die diensverskaffer nie in hierdie omstandighede moontlik is nie. Skuldvergelyking kan dus nie as betaling aangebied word ten einde die toepassing van artikel 8(4)(m) te verhoed nie.

Daar word verder aan die hand gedoen dat hierdie gevolge in lyn is met die gevolgtrekking aangaande die betekenis van die begrip *onkoste werklik aangegaan*. Dit sou 'n onaanvaarbare onreëlmatigheid veroorsaak indien dit moontlik sou wees om met 'n latere betaling deur middel van die uitreik van aandele wel 'n aftrekking te bewerkstellig.

---000---

<sup>274</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 196

<sup>275</sup> De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths., op bladsy 278

<sup>276</sup> Artikel 8(4)(m) gelees saam met artikel 8(4)(a)

## 6 HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING

### 6.1 Probleemstelling

Die studie het gefokus op die inkomstebelastinggevolge vir 'n maatskappy wat aandele uitreik ingevolge aandeelgebaseerde transaksies ten einde bates of dienste te bekom. Die volgende historiese bronne is ondersoek ten einde die doelstelling soos hierbo uiteengesit te bereik:

- Die relevante Suid-Afrikaanse wetgewing.
- Die relevante internasionale regspraak.
- Die relevante Suid-Afrikaanse regspraak.
- Die menings van erkende belastingdeskundiges, soos vervat in handboeke en tegniese tydskrifte.

Hoewel die werking en beperkte toepassingsveld van artikel 24B en artikel 42 oorweeg is, het dié studie daarop gefokus of 'n maatskappy wat aandele uitreik ten einde bates of dienste te bekom *onkoste werklik aangaan* vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet.

As deel van die studie is verder oorweeg of 'n maatskappy se inkomstebelastinggevolge anders sou wees indien die maatskappy in 'n latere stadium ooreenkom om 'n bestaande verpligting te vereffen deur die uitreik van aandele.

### 6.2 Gevolgtrekking

Dit blyk dat die grondbeginsels rondom die uitreik en toewysing van aandele in die ou en die nuwe Maatskappywet grotendeels ooreenstem. Die vereiste dat geen aandele toegewys of uitgereik mag word voordat die teenprestasie vir sodanige aandele ontvang is nie, word in beide die ou en die nuwe Maatskappywet gevind.

'n Maatskappy kan ooreenkom om bates of dienste, teen enige prys wat hy as redelik ag, te verkry. Die ou en nuwe Maatskappywet bepaal egter dat die maatskappy die aandele slegs mag uitreik sodra die teenprestasie ontvang is van die persoon wat inskryf op die aandeelaandele. Onuitgereikte aandele het geen waarde nie en is ook nie bates nie. Dit kry eers 'n waarde by uitreiking, dit

wil sê, nadat die maatskappy die kontant of enige ander tipe vergoeding daarvoor ontvang het.

Die wetgewer het wel gepoog om die skep van basiskoste van bates wat gefinansier is deur die uitreik van aandele te verseker deur die invoeging van artikel 24B en artikel 42. Artikel 24B is egter in sy geheel slegs van toepassing op bates. In teenstelling met artikel 24B is artikel 42 slegs van toepassing op bates (uitgesluit 'n handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde) en slegs in omstandighede waar daar aan die ander spesifieke vereistes in artikel 42 voldoen word. Die uitreik van aandele as vergoeding vir dienste gelewer val dus steeds buite die bestek van sowel artikel 24B as artikel 42.

In die lig hiervan is daar verdere oorweging geskenk aan die betekenis van die woorde *onkoste werklik aangegaan* ten einde vas te stel of daar by die uitreik van aandele deur 'n maatskappy onkoste werklik aangegaan is vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet.

Dit is die skrywer se mening dat waar 'n maatskappy aandele uitgereik het, daardie maatskappy geen onkoste werklik aangegaan het nie aangesien dit die maatskappy niks kos nie. Alhoewel daar 'n aantal hofbeslissings in Engeland is waarin bevind is dat 'n maatskappy wel 'n teenprestasie gee wanneer hy aandele uitreik, bied die hofsake geen leiding wat betref die betekenis van die woord *onkoste* in die Suid-Afrikaanse konteks nie.

Daar word verder aangetoon dat in *Caltex Oil (SA) Ltd v SIR*<sup>277</sup>, *Edgars Stores Ltd v CIR*<sup>278</sup>, *CIR v Golden Dumps (Pty) Ltd*<sup>279</sup> en ander toonaangewende Suid-Afrikaanse beslissings oor die begrip *onkoste werklik aangegaan* die tydstip van die aftrekking die kwessie in dispuut was. In dié beslissings is die beginsel gevestig dat die uitdrukking *onkoste werklik aangegaan* nie beteken dat die onkoste werklik betaal moet wees binne die jaar van aanslag ten einde dit aftrekbaar te maak binne daardie spesifieke jaar van aanslag nie. Dié hofsake het ook die grondbeginsel neergelê dat alle onkoste waarvoor daar gedurende 'n jaar 'n aanspreeklikheid aangegaan is, ongeag of die aanspreeklikheid vereffen is gedurende die betrokke jaar of nie, aftrekbaar is in daardie betrokke jaar. Ondanks hierdie grondbeginsel wat betref die tydstip van die aftrekking in die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingreg, beteken dit nie dat die woorde

<sup>277</sup> 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1

<sup>278</sup> 1988 (3) SA 876 (A), 50 SATC 81

<sup>279</sup> 1993 (4) SA 110 (A), 55 SATC 198

*verpligting* of *aanspreeklikheid* en *onkoste* sinonieme van mekaar is nie. Daar word aan die hand gedoen dat die verpligting of aanspreeklikheid deur middel van onkoste, dit wil sê, die handeling of daad van uitgee van 'n bedrag geld, fondse of ander hulpbronne, vereffen moet word ten einde te kwalifiseer vir 'n aftrekking en dat die tydstip nie relevant is wanneer hierdie oorweging geskied nie.

Die skrywer is van mening dat die volgende beginsel wat neergelê is in *CSARS v Labat Africa Limited*<sup>280</sup> 'n akkurate beskrywing is van wat onkoste vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet behels:

*Expenditure, accordingly, requires a diminution (even if only temporary) or at the very least movement of assets of the person who expends. This does not mean that the taxpayer will, at the end of the day, be poorer because the value of the counter-performance may be the same or even more than the value expended*<sup>281</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat 'n maatskappy wat aandele sou uitreik in ruil vir dienste gelewer nie geregtig is op 'n aftrekking nie, aangesien daar geen vermindering, of ten minste 'n verskuiwing of verandering, van sy bates was nie.

In gevalle waar partye later ooreenkom dat 'n aanspreeklikheid wat oorspronklik betaalbaar was in kontant gedelg mag word deur die uitreik van aandele, geld artikel 8(4)(m). Die effek van artikel 8(4)(m) is dat die maatskappy 'n belasbare verhaling het wat gelyk is aan die bedrag onkoste wat oorspronklik as 'n aftrekking toegestaan is. Die skrywer is van mening dat die maatskappy hom ook nie kan beroep op skuldvergelyking as vorm van betaling nie, want daar word nie voldoen aan die vereistes van gelyksoortige eise en onafweerbaarheid nie.

Op grond hiervan is die skrywer van mening dat die beslissing deur die appèlhof dat die uitreik van aandele nie onkoste werklik aangegaan is vir doeleindes van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet nie, korrek is.

---000---

---

<sup>280</sup> [2011] ZASCA 157

<sup>281</sup> *CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157 op bladsy 6

## 7 HOOFSTUK 7: BIBLIOGRAFIE

### 7.1 Lys van artikels

Burt, K. 2004. Issuing shares as consideration. *Tax Planning*. 18: 133 – 136.

Ger, B. 2004. The problem of paying with shares. *De Rebus*. September 2004: 61 – 62.

Meyerowitz, D. 2004. Paying for goods en services by issuing shares. *The Taxpayer*. : 87 – 89.

Silke, J. 2005. Expenditure actually incurred? *Tax planning*. 19: 12 – 16.

Vorster, H. 1985. Unquantified and defeasible expenses incurred in the production of income. *South African Tax Journal*. 1: 11.

### 7.2 Lys van boeke

Brincker, TE. 2010. *Taxation principles of interest and other financing transactions*. Sewende Uitgawe. LexisNexis.

Blackman, MS., Jooste, RD., Everingham, GK., Larkin, M., Rademeyer, CH. & Yeats, JL. 2010. *Commentary on the Companies Act*. Sewende Uitgawe. Juta & Co Ltd

Boyle, AJ., Syke, R. & Sealy, LS. 1997. *Gore-Browne on Companies*. Vier-en-veertigste uitgawe. Jordan Publishing Ltd

Cilliers, HS., Benade, ML., Henning, JJ., Du Plessis, JJ. & Delpport, PA. 1992. *Korporatiewe Reg*. Tweede Uitgawe. Butterworths Uitgewers (Edms.) Bpk.

De Wet, JC. & Van Wyk, AH. 1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. Vyfde uitgawe. Butterworths.

Garner, BA., Jackson, T. & Newman, J. 2004. *Black's Law Dictionary*. Agtste uitgawe. Thomson West.

Huxham, K. & Haupt, P. 2011. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. Dertigste uitgawe. Roggebaai: H & H Publications.

Odendal, FF. & Gouws, RH. 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

Soanes, C. & Stevenson, A. 2005 *Oxford Dictionary of English*. Tweede Uitgawe (Hersien). Oxford University Press.

Stiglingh, M., Koekemoer, A., van Schalkwyk, L., Wilcocks, JS., de Swart, R. & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. LexisNexis.

Van der Merwe, S., van Huyssteen, LF., Reinecke, MFB. & Lubbe, GF. 2004. *Kontraktereg Algemene Beginsels*. Juta and Company Ltd

### **7.3 Lys van elektroniese publikasies**

De Koker, A. *Silke on South African Income Tax (11th Memorial Edition)*. Elektroniese Weergawe. 2004. LexisNexis.

De Koker, A. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk Januarie 2011. LexisNexis.

Meskin, PM., Galgut B., Kunst JA., Delpont, P. & Vorster, Q. *Henochsberg on the Companies Act*. Elektroniese Weergawe. Bygewerk November 2010. LexisNexis.

### **7.4 Lys van hofsake**

*Ackermans Ltd v Commissioner for South African Revenue Service* 2010 (1) SA (1) SCA 73 SATC 1

*Arnison v Smith* (1889) 41 ChD 348

*Caltex Oil (SA) Ltd v SIR* 1975 (1) SA 665 (A), 37 SATC 1

*CIR v Edgars Stores Ltd* 1986 (4) SA 312 (T), 48 SATC 89

*CIR v Golden Dumps (Pty) Ltd* 1993 (4) SA 110 (A), 55 SATC 198

*Craddock v Zevo Finance Co Ltd* [1944] 1 ALL ER 566.

*Craddock v Zevo Finance Co Ltd* 27 TC 267 (HL)

*CSARS v Labat Africa Limited* 2010 72 SATC 75

*CSARS v Labat Africa Limited* [2011] ZASCA 157

*Edgars Stores Ltd v CIR* 1988 (3) SA 876 (A), 50 SATC 81.

*Etkind and others v Hicor Trading Ltd and another* [1998] JOL1861 (W)

*Hilder v Dexter* [1902] AC 474 (HL)

*ITC 1440* 51 SATC 1(Z)

*ITC 1783* 66 SATC 373

*ITC 1801* 68 SATC 57

*Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349

*Lowry v Consolidated African Selections Trust Limited* 1940 2 AER 545

*Moosa v Lalloo* 1957 (4) SA 207 (D) 219.

*Nasionale Pers Bpk. v KBI* 1986 (3) SA 549 (A), 48 SATC 55

*Osborne v Steel Barrel Co Ltd* [1942] 1 ALL ER 634

*Re VGM Holdings Ltd* [1942] Ch 235; [1942] 1 ALL ER 224

*Rex v Mohr* [1915] TPD 390

*Shearer (Inspector of Taxes) v Bercain Ltd* [1980] 3 ALL ER 295

*Stanton (Inspector of Taxes) v Drayton Commercial Investment Co Ltd* [1982] 2 ALL ER 942

*Verner v General & Commercial Investment Trust* [1894] 2 Ch 239

*Woudstra v Jekison* [1968] (1) SA 453 (T)

## **7.5 Lys van publikasies van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens**

*SARS: Draft Interpretation Note*, vrygestel op 16 Maart 2004, nooit finaal uitgereik.

*SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004*



SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2007

SARS: Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2008

SARS: Comprehensive Guide to Capital Gains Tax (Issue 3), soos vrygestel op 6 Mei 2010.

Wysigingswet op Inkomstewette, No. 32 van 2004

Wysigingswet op Inkomstewette, No. 35 van 2007

Wysigingswet op Inkomstewette, No. 60 van 2008

Wysigingswet op Belastingwette, No. 17 van 2009

---000---

**8 AANHANGSEL A: UITTREKSELS UIT DIE INKOMSTEBELASTING-  
WET NO. 58 VAN 1962**

**Artikel 8(4)(m)**

*‘(m) Behoudens die bepalings van artikel 20, waar—*

- (i) as gevolg van die kansellasië, beëindiging of wysiging van ’n ooreenkoms of vanweë die verjaring, afstanddoening of kwytskelding van ’n eis om betaling, ’n persoon gedurende enige jaar van aanslag onthef of gedeeltelik onthef is van die verpligting om betaling te maak van enige onkoste werklik aangegaan;*
- (ii) bedoelde onkoste nie op die datum waarop bedoelde persoon aldus onthef of gedeeltelik onthef is, betaal was nie; en*
- (iii) bedoelde onkoste of enige vermindering met betrekking tot bedoelde onkoste in die huidige of ’n vorige jaar van aanslag as ’n aftrekking van bedoelde persoon se inkomste toegelaat is,*

*word bedoelde persoon, by die toepassing van paragraaf (a), geag ’n bedrag gelyk aan die verpligting waarvan bedoelde persoon aldus onthef of gedeeltelik onthef is, gedurende die jaar van aanslag waarin die persoon aldus onthef of gedeeltelik onthef is, te verhaal of vergoed te gewees het.’*

**Artikel 11(a)**

***‘11. Algemene aftrekkings by vasstelling van belasbare inkomste toegestaan.—****By die vasstelling van die belasbare inkomste deur ’n persoon verkry uit die beoefening van ’n bedryf, word daar as aftrekkings van so ’n persoon se aldus verkreë inkomste toegelaat—*

- (a) onkoste en verliese werklik aangegaan of gely by die voortbrenging van die inkomste, mits sodanige onkoste en verliese nie van ’n kapitale aard is nie;’*

**Artikel 24B**

***‘24B. Transaksies waar bates verkry word in ruil vir uitreik van aandele.—****(1) Behoudens subartikel (2), indien ’n maatskappy ’n bate,*

soos omskryf in paragraaf 1 van die Agtste Bylae, van enige persoon verkry as vergoeding vir aandele deur daardie maatskappy uitgereik—

- (a) word daardie maatskappy by die toepassing van hierdie Wet geag 'n bedrag van onkoste ten opsigte van die verkryging van daardie bate gelykstaande aan die minste van die markwaarde van daardie bate onmiddellik na die verkryging of die markwaarde van die aandele onmiddellik na die verkryging, werklik aan te gegaan het; en
- (b) word daardie persoon by die toepassing van hierdie Wet geag oor daardie bate te beskik het vir 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde van die aandele onmiddellik na die verkryging.

(2) Indien 'n maatskappy enige aandeel verkry wat aan daardie maatskappy uitgereik is regstreeks of onregstreeks in ruil vir die uitreik van aandele deur daardie maatskappy of enige verbonde persoon met betrekking tot daardie maatskappy, word daardie maatskappy geag geen onkoste ten opsigte van die verkryging van daardie aandeel aldus verkry, aan te gegaan het nie.

(2A) Ondanks enige bepaling van subartikel (2) tot die teendeel, indien—

- (a) 'n voorkeuraandeel aan 'n maatskappy uitgereik is in ruil vir gewone aandele (of voorkeuraandele wat in gewone aandele omgeskakel kan word) deur daardie maatskappy uitgereik;
- (b) die voorkeuraandeel afgelos is; en
- (c) daardie maatskappy daardie voorkeuraandeel vir 'n tydperk van minstens vyf jaar gehou het,

word die onkoste deur daardie maatskappy ten opsigte van die verkryging van die voorkeuraandeel aangegaan geag by die toepassing van hierdie Wet 'n bedrag te wees wat gelykstaande is aan die minste van die markwaarde van die voorkeuraandeel soos op die datum van verkryging van die voorkeuraandeel of die bedrag ontvang of toegeval ten opsigte van die aflossing van die voorkeuraandeel.

(2B) Waar daardie voorkeuraandeel deur daardie maatskappy oor beskik word aan 'n ander maatskappy ingevolge 'n "intra-groep transaksie" soos

*in artikel 45 omskryf, word daardie maatskappy en daardie ander maatskappy vir die tydperk wat daardie maatskappy en daardie ander maatskappy deel van dieselfde groep van maatskappye uitmaak, by die toepassing van subartikel (2A)(c) geag een en dieselfde persoon te wees.*

*(2C) Ondanks enige andersluidende bepaling van subartikel (2), indien—*

*(a) 'n maatskappy enige bate verkry van 'n persoon (behalwe 'n aandeel deur daardie persoon uitgereik) as vergoeding vir aandele uitgereik deur daardie maatskappy; en*

*(b) binne 'n tydperk van 18 maande na daardie uitreiking, enige beheerde groepmaatskappy met betrekking tot daardie maatskappy die bate regstreeks of onregstreeks verkry as vergoeding vir die uitreiking van aandele deur die beheerde groepmaatskappy aan daardie maatskappy,*

*word daardie maatskappy geag 'n bedrag van onkoste ten opsigte van daardie aandele uitgereik deur die beheerde groepmaatskappy werklik aan te gegaan het, welke bedrag gelyk is aan die minste van die markwaarde van die bate onmiddellik na daardie verkryging of die markwaarde van die aandele uitgereik deur die beheerde groepmaatskappy onmiddellik na daardie verkryging.'*

#### **Artikel 42(1)**

**'42. Bate-vir-aandeel-transaksies.—***(1) By die toepassing van hierdie deel beteken—*

**"bate-vir-aandeel-transaksie"** *enige transaksie—*

*(a) ingevolge waarvan 'n persoon oor 'n bate (behalwe 'n bate wat 'n handelsbeperking of persoonlike klandisiewaarde uitmaak) beskik, waarvan die markwaarde gelyk is aan of meer is as—*

*(i) in die geval van 'n bate wat as 'n kapitaalbate gehou word, die basiskoste van daardie bate op die datum van die beskikking; of*

*(ii) in die geval van 'n bate wat as handelsvoorraad gehou word, die bedrag wat ten opsigte van daardie bate ingevolge artikel 11(a) of 22(1) of (2) in ag geneem is,*

*aan 'n maatskappy wat 'n inwoner is, in ruil vir ekwiteitsaandele van daardie maatskappy en daardie persoon—*

*(aa) aan die einde van die dag waarop daardie bate oor beskik is, 'n kwalifiserende belang in daardie maatskappy hou; of*

*(bb) 'n natuurlike persoon is wat op 'n voltydse basis betrokke sal wees in die besigheid van daardie maatskappy, of 'n beheerde groepmaatskappy met betrekking tot daardie maatskappy, om 'n diens te lewer; en*

*(b) wat tot gevolg het dat daardie maatskappy daardie bate vanaf daardie persoon verkry—*

*(i) as handelsvoorraad, waar daardie persoon dit as handelsvoorraad hou;*

*(ii) as 'n kapitaalbate, waar daardie persoon dit as 'n kapitaalbate hou; of*

*(iii) as handelsvoorraad, waar daardie persoon dit as 'n kapitaalbate hou en daardie maatskappy en daardie persoon nie deel van dieselfde groep van maatskappye uitmaak nie:*

*Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n transaksie wat aan die vereistes van paragraaf (a) voldoen ingevolge waarvan 'n persoon oor 'n ekwiteitsaandeel in 'n genoteerde maatskappy beskik of in 'n portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema in effekte oor 'n ekwiteitsaandeel beskik aan enige ander maatskappy en na daardie beskikking, tesame met enige ander transaksie wat aangegaan word—*

*(i) op dieselfde bedinge as daardie transaksie; en*

*(ii) binne 'n tydperk van 90 dae na daardie beskikking,*

*daardie ander maatskappy—*

*(aa) minstens 35 persent van die ekwiteitsaandele van daardie genoteerde maatskappy of portefeulje hou; of*

*(bb) minstens 25 persent van die ekwiteitsaandele van daardie genoteerde maatskappy of portefeulje hou indien geen persoon buiten daardie ander maatskappy 'n gelykstaande of groter bedrag aan ekwiteitsaandele in die genoteerde maatskappy of portefeulje hou nie;'*

---000---